


Gehaltebeheer op Web-inligting

Kriteria waarvolgens joernaliste
inligting van die Wêreldwye Web af
kan toets vir betroubaarheid



Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die
graad van Magister in Joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier: Bun Booyens

Maart 2001


Ek verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Carine Stemmet

6 Maart 2001

| |
|------------------------|
| Huis toe |
| Opsomming |
| Abstract |
| Indeks |
| Inleiding |
| • Eerste Indrukke |
| • Inhoud |
| • Ouderdom |
| • Oorsprong |
| • Doel/Gehoor |
| Gevallestudie |
| Gevolgtrekking |
| Webwerftipes |
| URL's |
| Skakels |
| Kitskriteria |
| Nuttige Wetenskapwerwe |
| Bronnelys |
| Woordelys |

"Congress shall make no law respecting an establishment of religion, or prohibiting the free exercise thereof; or abridging the freedom of speech, or of the press; or the right of the people peaceably to assemble, and to petition the Government for a redress of grievances."



- The First Amendment to the U.S. Constitution

Opsomming

1. Die Probleem
2. Die Doel
3. Die Bestek
4. Die Gehoor
5. Die Vraag
6. 'n Moontlike Antwoord
7. Gevolgtrekking

1. Die Probleem

Die Internet verbind miljoene rekenaars en mense regoor die aarde met mekaar. Net 'n paar klike van 'n muis kan toegang verskaf tot die rekenaars van amper enige universiteit in die wêreld. Dit is egter nie net professors en navorsers met jare se ervaring in hul veld wat hul bevindinge op die Wêreldwye Web publiseer nie. Enige-iemand kan enige-iets om enige rede publiseer sonder dat dit deur enige-iemand gelees of goedgekeur hoef te word.

boontoe

huis toe

2. Die Doel

Die Web is 'n waardevolle bron van die tipe inligting wat wetenskap-joernaliste nodig het om die feite van hul stories te bevestig, of om agtergrondinligting oor 'n onderwerp in te samel - mits hulle seker is dat die inligting vertrou kan word. Hierdie webwerf identifiseer en bespreek verskillende kriteria wat kan help om die gehalte van die inhoud van 'n webwerf te bepaal.

boontoe

huis toe

3. Die Bestek

Die Wêreldwye Web is die bekendste deel van die Internet. Die riglyne is van toepassing op die Web alleen, maar kan met aanpassings ook op die ander dele van die Web gebruik word.

boontoe

huis toe

4. Die Gehoor

Wetenskapjoernaliste, studente wat die Web gebruik vir navorsing, en enige webgebruiker sal baat vind by hierdie webwerf.

boontoe

huis toe

5. Die Vraag

Te veel mense kan publiseer. Is daar 'n stel reëls waarvolgens 'n webwerf gemeet kan word wat sal verseker dat die inhoud akkuraat en betroubaar is? Wat is daardie reëls?

boontoe

huis toe

6. 'n Moontlike Antwoord

By die ondersoek na die gehalte van die inhoud van 'n webwerf, kan die volgende in gedagte gehou word:

- Eerste Indrukke Is die uitleg professioneel? Is die werf gebruikersvriendelik? Pas die skryfstyl by die tipe inligting? Is die dokument vol spel- en taalfoute? Laai die dokument vinnig af?
- Geloofwaardigheid van die Inhoud Is die logika wat gebruik word, logies? Is die skrywer objektief? Is daar enige ondersteuning vir hierdie inligting? Is die inligting akkuraat en volledig?
- Ouderdom Wanneer is die webbladsy gepubliseer? Is dit vol gebreke skakels?
- Die oorsprong van die inligting Wie is die skrywer? Wie is die uitgewer of instansie? Wat het ander oor die webwerf te sê?
- Doel / Gehoor Wie is die teikengehoor? Wat is die gebruiker se doel daarmee? Wat is die webwerf se doel?

Waar lê die geld?

'n Opsomming van die kriteria in tabelvorm is [hier](#) beskikbaar.

[boontoe](#)

[huis toe](#)

7. 'n Gevolgtrekking

Die kriteria wat op hierdie webwerf bespreek word, is slegs riglyne. Sommige kriteria is belangriker as ander. Waar die inligting vandaan kom, wie verantwoordelik is daarvoor en wat die doel is daarmee is dalk die belangrikste vrae. Die belangrikheid van die ouderdom van die inligting hang van die tipe inligting wat ondersoek word, af. Die belangrikste reël by die beoordeling van 'n webwerf bly egter gesonde verstand. Meer as een bron moet ondersoek en met mekaar vergelyk word. Eers as alle (of genoeg) kante van 'n saak ondersoek word, kan 'n ingeligte besluit oor die akkuraatheid van inligting geneem word.

Kliek [hier](#) vir 'n volledige inhoudsopgawe, of [hier](#) vir die inleiding.

'n Engelse weergawe van die opsomming is [hier](#) beskikbaar.
An English version of the abstract is available [here](#).

[boontoe](#)

[huis toe](#)

carines@sact.ac.za

Gemaak met *Note Pad* deur [carine](#) op 29 Desember 2000

[Home](#)[Opsomming](#)[Abstract](#)[Index](#)[Introduction](#)[• First Impressions](#)[• Content](#)[• Age](#)[• Source](#)[• Purpose/Audience](#)[Case Study](#)[Conclusion](#)[Web Site Types](#)[URLs](#)[Links](#)[Instant Criteria](#)[Handy Science Sites](#)[Bibliography](#)[Glossary](#)

"Congress shall make no law respecting an establishment of religion, or prohibiting the free exercise thereof; or abridging the freedom of speech, or of the press; or the right of the people peaceably to assemble, and to petition the Government for a redress of grievances."

- The First Amendment to the U.S. Constitution



Abstract

1. [The Problem](#)
2. [The Purpose](#)
3. [The Scope](#)
4. [The Target Audience](#)
5. [The Question](#)
6. [A Possible Answer](#)
7. [Conclusion](#)

1. [The Problem](#)

The Internet connects millions of computers and people from all over the world with each other. A few clicks with a mouse are usually enough to gain access to the computers of almost any university in the world. But it is not only professors and researchers with years of experience who publish on the Internet. Anyone can publish anything for any reason without any editing or verification of the content.

[top](#) [home](#)

2. [The Purpose](#)

The Web is a valuable source of the information needed by science journalists to confirm facts of stories or to gain background information on a subject - if they know that the information is reliable. This web site identifies and discusses criteria to help establish the credibility of a web site.

[top](#) [home](#)

3. The Scope

The Internet consists of far more than just the World Wide Web. The World Wide Web is, however, the most talked-about and best-known part of the Internet, and the criteria discussed on this web site are applicable to the World Wide Web alone. With a little common sense and the necessary adaptations they can, however, be used to determine the credibility of information found on other parts of the Internet.

[top](#) [home](#)

4. The Target Audience

Science journalists, students using the Web for research, and any other Web surfer will benefit from reading this document.

[top](#) [home](#)

5. The Question

Anybody can publish on the Web. Is there a set of rules that can be applied to a web site to measure its credibility? What are these rules?

[top](#) [home](#)

6. A Possible Answer

- First Impressions Is the layout professional? Is the site user friendly? Is the style appropriate for the type of information? Is the document free of spelling mistakes and grammatical errors? Does it take too long to load?
- The Content Are there flaws in the logic used? Is the writer biased? Is there any verification for this information? Is the information accurate and complete?
- Age When was the web page published? Are there many broken links?
- Source of the Information Who is the author? Who is the publisher? What do others have to say about this web site?
- Purpose/Target Audience Who is the target audience? What

does the user want from the web site? What is the purpose of the web site? Who gains what?

A summary of the criteria in tabular form is available [here](#).

[top](#) [home](#)

7. Conclusion

The criteria discussed on this web site are only guidelines. Some criteria are more important than others. The situation will determine the relevance of each of the criteria. The origin of the information, the purpose thereof and the logic used are usually the most important criteria. The most important rule, however, is the use of common sense. Examine more than one source and compare them with one another. An intelligent decision regarding the credibility of the information can only be made when all (or most) sides of a matter have been examined.


For a complete index, click [here](#), or [here](#) for the introduction.

An Afrikaans version of the abstract is available [here](#).
'n Afrikaanse weergawe van die opsomming is [hier](#) beskikbaar.

[top](#) [home](#)

carines@sacte.ac.za

Made with *Note Pad* by [carine](#) on 31 December 2000



"Quality is never an accident; it is always the result of intelligent effort."

- John Ruskin

Huis toe

Opsomming

Abstract

Indeks

Inleiding

• Eerste Indrukke

• Inhoud

• Ouderdom

• Oorsprong

• Doel/Gehoor

Gevallestudie

Gevolgtrekking

Webwerftipes

URL's

Skakels

Kitskriteria

Nuttige Wetenskapwerwe

Bronnelys

Woordelys

Gehaltebeheer op Web-inligting

Kriteria waarvolgens joernaliste inligting van die Wêreldwye Web af kan toets vir betroubaarheid

Volledige Inhoudsopgawe:

Opsomming

Abstract

1. Inleiding

2. **Die Kriteria:**

a. Eerste Indrukke

i. Uitleg

ii. Gebruikersvriendelikheid

iii. Skryfstyl

iv. Spelling en Taalversorging

v. Laaispoed en programmatuur

vi. Beskikbaarheid

vii. 'n Laaste gedagte oor Eerste Indrukke

b. Inhoud

i. Logika

ii. Objektiwiteit

iii. Ondersteuning

iv. Akkuraatheid

v. Volledigheid

c. Ouderdom

i. Publikasie-datum

ii. Skakels

iii. Tydelikheid

d. Oorsprong

i. Wie is die skrywer?

ii. Wie is die instansie?

iii. Wat het ander te sê daaroor?

e. Doel / Gehoor

i. Wie is die teikengehoor?

ii. Wat is die gebruiker se doel

iii. Wat is die webwerf se doel?

3. 'n Gevallestudie Die selfoonuitstralingshisterie

4. Gevolgtrekking

Tipes Webwerwe

'n Kykie na URL's

Skakels vir verdere leeswerk

Tekortkominge - goeters wat nog gedoen moes geword het

Kitskriteria in tabelvorm

Nuttige Wetenskapwerwe

Bibliografie

Woordelys

boontoe

stuur e-pos

carines@sacte.ac.za

Gemaak met *Note Pad* deur carine op 29 Desember 2000

| |
|------------------------|
| Huis toe |
| Opsomming |
| Indeks |
| Inleiding |
| • Eerste Indrukke |
| • Inhoud |
| • Ouderdom |
| • Oorsprong |
| • Doel/Gehoor |
| Gevallestudie |
| Gevolgtrekking |
| Webwerftipes |
| URL's |
| Skakels |
| Kitskriteria |
| Nuttige Wetenskapwerwe |
| Bronnelys |
| Woordelys |

"Cybermedia will make every man his own editor, which in turn makes every writer a fool. The Internet will transmit misinformation very efficiently. We will miss the gatekeepers."

- Neal B. Freeman

Inleiding

1. Die Doel
2. Die Aard van die Probleem
3. Die Bestek van die Studie
4. Die Metode
5. Die Teikengehoor

1. Die Doel

Op 5 Julie 1995 is die (nou bekende) spotprent van Steiner in die *New Yorker* gepubliseer. Een hond sit voor 'n rekenaar en sê aan 'n ander: "Op die Internet weet niemand jy's 'n hond nie."

Een van die eerste modelle van massamedia is deur joernalistiekprofessors Bruce Westley en Malcolm MacLean voorgestel.¹ Die hooftema daarvan is om die hekwagfunksie van die media uit te wys: Daar gebeur elke dag heeltemal te veel goed in die wêreld vir een mens om alles eerstehands te ervaar of selfs net van alles te weet wat hom beïnvloed. Die rol van die massamedia as hekwag is om die stories te identifiseer en oor verslag te doen wat hy (die hekwag) dink die publiek wil of moet hoor om ingeligte besluite te kan neem. Mense kies verskillende hekwagte na aanleiding van hul mening en behoefte oor die tipe goed wat hulle wil lees, sien of hoor. Die hekwag verseker ook in mindere of meerdere mate dat die inligting wat na die publiek deurgegee word, min of meer betroubaar is: dit moes darem deur een of ander proses van redigering en evaluasie gegaan het.

Die Internet het die koste van massa-kommunikasie afgebring na 'n vlak waar omtrent enige-iemand dit kan bekostig om vir die massas te publiseer. Om 'n (vals) viruswaarskuwing die kuber-ruimte in te stuur, is so maklik as om die boodskap te tik, alle adresse in jou epos-adresgids te kies en *send* te druk.

Saam met die laer koste van massakommunikasie het baie van die tradisionele gehaltebeheer-hekwagte in die slag gebly. Omdat 'n webwerf deur 'n individu ontwerp, gepubliseer, onderhou en bekostig kan word, is daar nie die nodigheid vir die burokrasie van 'n organisasie nie. Geen gehaltebeheer word dus ingebou by die uitgewer of drukker wat nie hul geld op 'n swak produk wil waag nie. 'n Webwerf kan dus effektief alle hekwagters ontduik.

Kreatiwiteit ken geen perke nie, maar daar is ook geen waarborge dat dit wat gepubliseer word smaakvol, bruikbaar en akkuraat is nie.²

Verskillende mense en instansies publiseer op die Web met verskillende motiverings: 'n webwerf oor velkanker kan die tuisblad van 'n kanker-laboratorium wees met volledige dokumentasie en bronne, of dit kan 'n geselsforum wees waar lyers hul (leke)-opinies en rate aan ander uitdeel. Dit kan ook die webwerf van 'n maatskappy wees wat probeer om hul sonprodukte te verkoop.

Die Wêreldwye Web, net omdat dit vir baie mense sinoniem met *tegnologie* is, is beslis geen waarborg vir akkuraatheid nie.

Burbules en Callister³ definieer die term *hiper-lees* om aan te dui dat Internet-gebruikers nie net moet lees nie, maar wát hul lees terselfdertyd moet evalueer en in konteks met die webwerf moet plaas; om terselfdertyd die geloofwaardigheid te toets, en te lees wat (of wie) op die webwerf afwesig is.

Die doel van hierdie dokument is om joernaliste bewus te maak van die moontlikheid dat alles wat hulle op die Wêreldwye Web lees, nie noodwendig die waarheid is nie. Dit wil webgebruikers leer om skepties te wees oor die gehalte van die inligting wat op die Wêreldwye Web beskikbaar is en 'n stel riglyne vir hiperlees daarstel. Vaste reëls is onmoontlik en daar sal seker altyd uitsonderings wees. Die reëls van die 'hekwagters' van die voor-Internet-era kan egter aangepas en toegepas word om elke mens sy eie hekwag te maak. Niemand mag dalk weet dis 'n hond met wie jy op die Internet te doen het nie, maar daar is metodes om uit te vind of hy hondekos bestel en motors jaag wanneer hy nie publiseer op die Internet nie.

boontoe

huis toe

2. Die Aard van die Probleem

As 'n joernalis 'n opdrag kry om 'n storie te skryf oor globale verhitting, of 'n onderhoud moet gaan voer met die persoon wat die nuwe soort soja-jogurt ontwikkel het, of 'n rekenaartydskrif vra haar om 'n storie te skryf oor die nuwe Intel-mikroverwerkers, dan is die Wêreldwye Web die maklikste plek om agtergrond-inligting oor die onderwerp te kry en om aansprake van mense en maatskappye te bevestig of te toets.

Joernaliste in die Verenigde Koninkryk maak deesdae al meer gebruik van die rykdom van inligting wat op die Internet beskikbaar is, vir hul navorsing vir glans- of ondersoekende artikels.⁴ Die Verenigde Koninkryk sal geen uitsondering wees nie. Dis maklik om inligting op die Wêreldwye Web te kry.

Waar anders kan jy - deur net met 'n muis te kliek - databasisse vanoor die hele wêreld oor 'n onderwerp deursoek, spesialismenings én lekemenings daarvoor lees, alle kante van die saak ondersoek en boonop nog die geleentheid kry om die saak met ander belangstellendes te bespreek? Die probleem van die Inligtingsera is nie die beskikbaarheid van inligting nie, maar die oordosis ongekontroleerde inligting.

Rice ⁵ som die situasie goed op: "*We face a phletora of documents placed on the Web without the screening of publishers, selectivity of librarians and bookstore buyers, nor the structure of the cataloging process.*

We are on our own to locate information, determine its applicability, and evaluate its credibility in an environment without governance nor overseers."

Ongeveer 391 miljoen mense het teen Desember 2000 toegang tot die Internet gehad. ⁶ Enige-iemand met die regte programmatuur en toegang tot die Internet kan web-bladsye op die Internet publiseer. Sommige diensverskaffers (soos Geocities) verskaf selfs gratis webruimte vir tuisblaaie aan wie ook al daarom vra. Professors, maatskappye wat hulle produkte wil verkoop, studente en huisvrouens kan ewe maklik artikels op die Wêreldwye Web publiseer.

Die akkuraatheid van die gepubliseerde bewerings of die kwaliteit van die voorlegging word nie noodwendig gekontroleer nie. Dokumente word gekopieer en met foute gereproduseer - soms per ongeluk en soms doelbewus. 'n Hele webwerf kan gekopieer en met veranderinge weer gepubliseer word as kompetisie vir die oorspronklike webwerf, om mense te mislei of as advertensie vir jou eie produk. www.whitehouse.net is 'n baie oortuigende webwerf van die Amerikaanse Wit Huis, en Internetseilers sal maklik mislei word om die inligting daar te glo - hopelik net totdat hulle op die *Bureau for Missing Socks*-skakel gekliek het. (Die werklike adres vir die Amerikaanse Presidensiële webwerf is www.whitehouse.gov.) Alle misleidings word egter nie so duidelik gemerk nie.

'n Joernalis wat nog nie geleer hiperlees het nie, sal dus nie weet of dit Jan Rap se persoonlike mening oor die genesende effekte van soja-jogurt is, en of Jan Rap dalk 'n mikrobiologie-professor is met jare se soja-ondervinding nie.

Onlangs het Maretha Maartens in die strik getrap toe sy inligting van 'n webwerf (the ONION) onvoorwaardelik geglo het en 'n bohaai rondom *Harry Potter* en satanisme opgeskop het. ⁷

boontoe

huis toe

3. Die Bestek van die Studie

Die terme *Internet* en *Wêreldwye Web* word deur die meeste mense as sinonieme gebruik, maar eintlik is die Wêreldwye Web net 'n klein (hoewel die sigbaarste en seker die bekendste) onderafdeling van die Internet. Hierdie dokument probeer net kriteria gee vir inligting wat as **Web-bladsye** gepubliseer is (bladsye waarvan die Web-adres met **http://** begin). Ander dele van die Internet soos nuusgroepe, epos, bulletinborde, forums, poslyste en geselskamers kan ook nuttige inligting verskaf, maar die kriteria om die kwaliteit van sodanige inligting te evalueer, val buite die bestek van hierdie studie. Die riglyne wat hier bespreek word, kan egter, met die nodige aanpassings en gesonde verstand, gebruik word om inligting vanaf ander Internet-bronne ook te evalueer.

Die riglyne in hierdie dokument verwys na enige tipe webdokument (kommersieel, opvoedkundig, akademies, persoonlik of organisatories). Die klem val op die gehalte van **wetenskaplike** en **tegniese** inligting op die betrokke webwerwe, maar dit kan sonder veel veranderinge op enige tipe inligting wat vanaf die Wêreldwye Web verkry word, toegepas word. Gesonde verstand (*common sense*) moet gebruik word om te bepaal of 'n kriterium soos die ouderdom van inligting vir navorsing oor die antieke kulture net so belangrik is as wat dit is vir inligting oor nuwe rekenaartegnologie. (Nuwe opgrawings kan nuwe idees oor antieke geskiedenis oplewer; die gebruiker moet egter self besluit hoe belangrik 'n bepaalde riglyn is.)

Die dokument verskaf slegs riglyne. Weens die wollerige aard van die definisies van *betroubaarheid* en *geloofwaardigheid* van web-bladsye, is dit onmoontlik om 'n vaste stel reëls neer te lê om te waarborg dat 'n dokument betroubaar en geloofwaardig is. 'n Webdokument kan aan byna al die riglyne voldoen en steeds onsin wees. Of dit kan 'n pot goud wees, maar as gevolg van die swak aanbieding, die afwesigheid van die skrywer se naam en kontakbesonderhede of 'n obskure domeinnaam, word dit nie erken nie. Die belangrikste bly maar dat die gebruiker sy eie gesonde verstand sal gebruik. Hoe meer hy met die Web te doen het, hoe beter sal hy tussen koring en kaf kan onderskei.

| |
|---------|
| boontoe |
|---------|

| |
|----------|
| huis toe |
|----------|

4. Die Metode

Die dokument bevat geen nuwe navorsing nie, maar is eerder 'n stel *common-sense*-reëls wat saamgestel is na aanleiding van wat ander bronne oor web-betroubaarheid sê. Riglyne wat deur biblioteke gebruik word om te besluit watter boeke om aan te

koop en riglyne wat uitgewers gebruik om te besluit of hulle 'n boek gaan uitgee, is, saam met vele gesprekke met Internetgebruikers (onder andere 'n fisioterapeut en 'n dokter), eposboodskappe van Internetgebruikers en Webforumgesprekke oor die onderwerp, gebruik om die kriteria saam te stel. Hierdie dokument is dus 'n samevatting van wat ander mense (veral Webgebruikers) as 'gesonde verstand' beskou. Idees is aangepas om dit op webwerwe met wetenskaplike inhoud van toepassing te maak.

[boontoe](#)

[huis toe](#)

5. Die Teikengehoor

Wetenskap en tegnologie verander so vinnig dat dit nie realisties is om van 'n wetenskap- of tegnologiejoernalis te verwag om op hoogte met alle nuwe ontwikkelings te bly nie. By kleiner koerante is die wetenskap-joernalis dikwels ook die sportverslaggewer en ook die nuusredakteur. Om in te teken op 'n menigte vaktydskrifte wat moeilik lees en wat moontlik net iewers op 'n rak gaan lê en stof vergader, is nie die oplossing nie. Die maklikste manier om op hoogte te bly met die vinnig veranderende wêreld van tegnologie, is deur middel van die Wêreldwye Web - mits die joernalis bewus is van die tekortkominge en slaggate.

Selfs joernaliste wat verkies om bronne by 'n biblioteek te gaan soek, kan die web gebruik om uit te vind wát hulle in die biblioteek moet gaan soek. Hierdie dokument is dus in die eerste plek vir wetenskap-joernaliste wat die Web gebruik om akkurate inligting (en alle kante van die saak) oor 'n onderwerp te soek.

Hoewel die voorbeelde almal op wetenskaplike en tegniese webblaaie konsentreer, kan joernaliste in enige vakgebied baat by die idees in hierdie dokument. Die nodige aanpassings moet gemaak word omdat kriteria vir wetenskaplike inhoud dalk nie presies dieselfde is as vir ander tipes inhoud nie. Daar is egter heelwat skakels na ander webwerwe wat gereedskap verskaf om webwerwe met algemene inhoud te evalueer.

Studente wat die Web gebruik vir navorsing, kan ook hierdie riglyne gebruik om die geloofwaardigheid van hul bronne te evalueer.

Enige web-gebruiker moet weet dat die inligting van die web af nie sommer voor die voet geglo moet word nie. Soms is die liggelowigheid van Web-gebruikers net snaaks of 'n verleentheid. Soms is dit irriterend en kos dit geld (soos wanneer liggelowiges epos-bandwydte gebruik om viruswaarskuwings rond te stuur waarvoor ander moet betaal om af te laai) maar dit kan ook gevaarlik wees as gebruikers die verkeerde raad kry oor

hoe om byvoorbeeld brandwonde te behandel.

Nuwe Web-gebruikers, veral dié wat nog nie die kuns van hiperlees bemeester het nie, sal dus kan baat by hierdie dokument.

[boontoe](#)

[huis toe](#)

carines@sacte.ac.za

Gemaak met *Note Pad* deur [carine](#) op 29 Desember 2000

| |
|------------------------|
| Huis toe |
| Opsomming |
| Indeks |
| Inleiding |
| • Eerste Indrukke |
| • Inhoud |
| • Ouderdom |
| • Oorsprong |
| • Doel/Gehoor |
| Gevallestudie |
| Gevolgtrekking |
| Webwerftipes |
| URL's |
| Skakels |
| Kitskriteria |
| Nuttige Wetenskapwerwe |
| Bronnelys |
| Woordelys |

"Oh, you might not think I'm pretty,
But don't judge on what you see,
I'll eat myself if you can find
a smarter hat than me."

- J.K. Rowling (uit 'Harry Potter and the Philosopher's Stone')

Eerste Indrukke

Swak publikasies, lae-begroting-pamflette en uitgawes van die ydelheidspers (*vanity press* - boeke wat op die skrywer se eie onkoste gedruk en versprei word omdat geen uitgewer sy geld daarop wil mors nie) is maklik om te herken aan die lae kwaliteit papier, fotokopieer-drukwerk en swak bindwerk.⁸

Sigbare tekens van self-publikasie is moeiliker om op 'n goed-ontwerpte web-blad raak te sien. Die webwerf van die [Buro vir Verlore Sokkies](#) lyk nie minder na 'n webwerf as [NASA](#) s'n nie. Soos met gedrukte publikasies kan 'n geoefende webgebruiker (soms) die sigbare leidrade van selfpublikasie op webbladsye herken. Die bladuitleg, die kleurskemas, die algemene indruk, selfs die laaispoed van die bladsy help mee om die geloofwaardigheid van die inligting op die webwerf op te bou - of af te breek.

Onder *Eerste Indrukke van die Webbladsy* kan die volgende ingesluit word:

1. Uitleg
Is dit lekker om na die bladsy te kyk? Is die teks duidelik leesbaar? Hoeveel grafika word gebruik; is die kleurskemas gepas; is die uitleg professioneel?
2. Gebuiikersvriendelikheid
Hoe maklik is dit om te verdwaal op die webwerf? Weet die gebruiker wat van hom verwag word en hoe om te kry wat hy op die webwerf soek?
3. Skryfstyl
Pas die uitleg, skryfstyl en atmosfeer van die webwerf by die gehoor en inhoud?
4. Spelling en Taalversorging As dit vol spelfoute is, is die waarskynlikheid groot dat niemand dit geproeflees het nie. Inligting is dus moontlik nooit vir akkuraatheid gekontroleer nie.
5. Laaispoed
'n Dokument wat vir ewig aflaa, is dalk nie die moeite werd om voor te wag nie.
6. Beskikbaarheid
Die betroubaarste inligting is niks werd as dit nie in die hande gekry kan word nie.

7. 'n Laaste gedagte oor Eerste Indrukke

Die algemene indruk van die webwerf in geheel help om 'n opinie daaroor te vorm.

boontoe

huis toe

1. Uitleg en voorkoms

Die meeste Internetgebruikers is meer besorg oor die inhoud as die voorkoms van 'n webwerf. Navorsers sal, as die inligting relevant en betroubaar is, die bron gebruik selfs al word dit swak voorgestel.⁹ Dis egter makliker om inligting op 'n goed ontwerpte webwerf te kry; 'n webmeester wat sy gebruikers respekteer, sal moeite doen om te sorg dat sy webwerf professioneel lyk en maklik is om te gebruik. Skrywers, navorsers of instansies wat nie omgee hoe hul inligting voorgestel word nie, het moontlik nie veel inligting wat die moeite werd is óm oor om te gee nie. 'n Betroubare organisasie of inrigting het gewoonlik die finansies om 'n professionele persoon te huur om die bladuitleg te doen, of die kennis om dit self ordentlik te doen. 'n Swak-ontwerpte webwerf getuig dus dikwels van 'n gebrek aan 'n ondersteunende organisasie, 'n gebrek aan geld (Was daar ook 'n gebrek aan geld toe die navorsing gedoen is? Wás daar navorsing?) en 'n doen-dit-self-mentaliteit. Die inhoud van webwerwe wat deur groter organisasies ondersteun word, is dikwels meer betroubaar omdat daar meer burokratiese stelsels is waardeur die teks moet gaan voordat dit gepubliseer kan word.

Kwessies oor uitleg en algemene voorkoms van 'n webwerf is persoonlike smaak. Wat een persoon as stylvol en professioneel beskou, sien 'n ander as oordoen of 'onderdoen'. Oormatige grafika, ongepaste ikone en te veel kleure en lettertipes is egter tekens wat alom as kenmerkend van 'n swak ontwerpte webwerf beskou word.

Everhart¹⁰ beskou die volgende as kenmerke van 'n goed ontwerpte webwerf:

- i. Die eerste bladsy (tuisbladsy) van die webwerf gee 'n goeie idee van hoe die werf georganiseer is en watter opsies beskikbaar is.
 - ii. Die uitleg en kleurskemas volg dieselfde patroon vir al die bladsye van die webwerf.
 - iii. Die skakels is relevant tot die onderwerp.
 - iv. Die bedoeling van die ikone is duidelik.
 - v. Die lettertipe, styl en agtergrond maak die bladsy duidelik leesbaar.
-
- i. **Die eerste bladsy (tuisbladsy) van die webwerf gee 'n goeie idee van hoe die werf georganiseer is en watter**

opsies beskikbaar is.

'n Werf-kaart (*site map*), inhoudsopgawe, kieslysstelsel of soekfasiliteit maak dit makliker vir gebruikers om die inligting waarna hulle soek, op te spoor. Dit help dalk nie om die kwaliteit van die inligting te bevestig nie, maar hoe makliker 'n webwerf is om te navigeer, hoe meer gebruikers sal daar wees. Die waarskynlikheid om iemand op te spoor wat wel hierdie webwerf gebruik het, hierheen verwys het of dit geresenseer het, is groter as vir 'n gebruikersonvriendelike webwerf. Hoe meer gebruikers daar is, hoe makliker word dit dus om die betroubaarheid van die bron te bepaal. As die bron hom eers as betroubaar bewys het, kan hierdie tipe webwerwe geboekmerk word vir latere gebruik omdat dit maklik is om inligting hier op te spoor.

ii. Die uitleg en kleurskemas volg dieselfde patroon vir al die bladsye van die webwerf.

Die agtergrond behoort onderdruk te wees en die kleur daarvan moet by die kleur van die teks en skakels pas sodat die teks maklik gelees kan word. As al die bladsye van die webwerf uniform uitgelê is, is dit vir die gebruiker makliker om te weet watter inligting waar op die webbladsy verwag kan word. 'n Kieslys is byvoorbeeld altyd links bo, en die naam van die skrywer en datum van publikasie altyd heel onder. Uniforme uitleg bevestig ook die eienaarskap van die webwerf. As die uitleg van die webwerf verander, weet die gebruiker dadelik hy is nou besig met 'n eksterne skakel en nie meer op dieselfde webwerf nie. Watermerke op die agtergrond kan bevestig dat die domeinnaam en die organisasie by mekaar pas.

Psigedeliese kleure, teks wat moeilik lees en niksseggende grafika laat 'n webwerf geloofwaardigheid inboet. <http://athena.louisville.edu/~brpoun01/pountheory.html>, 'n projek vir 'n nagraadse kursus in Engels, is 'n voorbeeld van so 'n bont webwerf. Die bont kleure maak die teks moeilik om te lees en laat dit onprofessioneel lyk. Elke webbladsy op die werf lyk anders. Die hoeveelheid moeite wat die skrywer met die navorsing gedoen het, word bevraagteken deur die swak uitleg. Vergelyk dit met die webwerf van die [eksploratorium](#) by die Universiteit van Pretoria: die bladsye van die webwerf lyk almal dieselfde.

iii. Die skakels is relevant tot die onderwerp.

Irrelevante skakels mors die gebruiker se tyd. Gebruikers wat betaal per tydseenheid aanlyn, of per aantal grepe data wat oor die Internet afgelaai word, wil nie betaal vir inligting wat hulle nie wil hê nie. Die gebruiker kry die indruk dat die webmeester of skrywer sy vak swak ken as

hy nodig het om die bladsy met irrelevante skakels vol te maak.

iv. Die bedoeling van die ikone is duidelik.

Oulike ikone, interessante agtergronde, mooi lettertipes, grafika en animasies verander nie 'n twyfelagtige bron in betroubare inligting nie. Die teenoorgestelde is eerder waar: te veel verskillende lettertipes, kleurskemas en agtergronde is dikwels 'n aanduiding dat die webmeester so pas ontdek het hoe om met kleur, lettergroottes en effekte te speel. Dit getuig dus van 'n gebrek aan ondervinding. Dis ook soms 'n poging om vervelike teks te probeer opkikker of te laat lyk of dit meer om die lyf het.

Grafika, en veral animasie, word dikwels by 'n webwerf gevoeg ter wille van versiering of om die eentonigheid van teks te onderbreek. As 'n stuk grafika niks met die teks te doen het nie, moet 'n vraagteken by die inhoud geplaas word. Die ikone moet by die styl van die bladsy pas; prentjies van landsvlae en outydse motors pas nie by 'n webwerf waar akademici byvoorbeeld die voor- en nadele van geneties gemodifiseerde kos bespreek nie.

v. Die lettertipe, styl en agtergrond maak die bladsy duidelik leesbaar.

Beginner webontwerpers verander lettertipes en agtergronde net omdat hulle kan. Die webgebruiker het nie tyd om krulletjieskrif teen 'n bont agtergrond te ontsyfer nie. As die bladsy nie leesbaar is nie, mors die webmeester die gebruiker se tyd. Vergelyk die agtergrond en leesbaarheid van

<http://www.tradepage.co.za/sta/stepg3.htm> met die agtergrond en leesbaarheid van die webwerf van die Vereniging vir son-energie in Suidelike Afrika.

boontoe

huis toe

2. Gebruikersvriendelikheid

'n Gebruikersvriendelike webwerf is logies uitgelê, maklik om te gebruik, goed georganiseer, verdeel in logiese onderafdelings, en laai vinnig.

Skakels is duidelik herkenbaar, duidelik gemerk en logies gegroep. 'n Gebruiker het nie nodig om te raai waarheen 'n skakel hom neem nie, en hoef nie onnodig te wag vir bladsye om af te laai wat hy nie wou gehad het nie. Elke ondersteunende bladsy het 'n skakel terug na die tuisblad sodat die gebruiker nie

'verdwaal' op die webwerf nie. Die hoeveelheid skakels waarop 'n gebruiker moet klik om by die inligting waarna hy op soek is, uit te kom, is tot 'n minimum beperk, want elke keer as 'n skakel geklik word, moet die gebruiker wag dat 'n nuwe bladsy afgelaai word. Skakels binne groot bladsye kan help om die inligting waarna die gebruiker op soek is, vinniger op te spoor, in plaas van dat hy deur al die teks moet lees. Groot bladsye neem baie lank om af te laai; 'n goed ontwerpte webwerf sal dus groot bladsye verdeel in kleiner eenhede wat vinniger aflaai. 'n Opsie om die hele dokument af te laai om van lyn af te werk of te druk, is beter as wanneer die gebruiker elke keer 'n klein eenheid moet aflaai, druk, en weer op 'n ander eenheid moet klik om af te laai en te druk. Dit wys dat die ontwerper die webbladsy ontwerp het met die gebruiker in gedagte.

Iemand wat met 'n 640 X 480 monitor na die webwerf kyk, behoort nie nodig te hê om die skerm met die muis na regs te rol (*scroll*) om al die teks te lees nie. Dit is makliker om inligting te absorbeer as die inligting nie eers ontsyfer hoef te word nie.

Die gebruik van rame is, soos kleur, lettertipe en uitleg, ook 'n kwessie van smaak. Sommige mense meen dat rame 'n webwerf meer professioneel laat lyk. Alle blaaiers (*browsers*) kan egter nie rame hanteer nie. Nuwer webgebruikers wat nie ondervinding met rame het nie, kan baie gefrustreerd raak as hulle 'n bladsy geboekmerk het net om, wanneer hulle daarna terugkeer, die oorspronklike rame met die eerste gelaai webbladsy daar te sien. Die verkeerde raam se inligting kan gedruk word as dit die aktiewe raam op die gebruiker se blaaier is. ('n Voorbeeld van 'n webbladsy met rame is [hier](#) te sien.)

'n Webmeester wat sy bladsy ontwerp met die gebruiker se tyd, geld en gerief in gedagte, se webbladsy is maklik om te gebruik en mits die inhoud die moeite werd is, sal mense daarheen terugkeer. Hoe meer mense 'n webwerf besoek, hoe beter is die waarskynlikheid dat foute opgespoor en reggestel kan word.

boontoe

huis toe

3. Skryfstyl

'n Webwerf wat beweer dit is vir kinders, behoort nie hoogdrawende taal en vakterme te gebruik sonder om die terme te verduidelik nie. 'n Webwerf wat beweer dit skryf vir deskundiges, moet nie sy gebruikers beledig deur 'af te praat na hulle toe nie. As die skryfstyl en die gehoor nie by mekaar pas nie, verloor die webwerf geloofwaardigheid: as die webmeester nie eens met iets so klein soos vir wie hy sê hy publiseer vertrou kan word nie, kan die inligting wat dit bevat, ook nie sonder meer vertrou word nie.

Die algemene toon van die skrywer moet in ag geneem word: is die skrywer sarkasties, humoristies, kalm of aanvallend? Bly die toon dwarsdeur die dokument dieselfde? Waarom of waarom nie? Is dit moontlik dat die hele webwerf net 'n spottery is? Vae terme soos "*studies bewys*" met geen verwysing na watter studies nie, 'n klomp uitroepstekens en hoofletterskrif, en 'n *Dis alles 'n sameswering*-siening behoort waarskuwingstekens te wees dat die inligting op hierdie webwerf nie vertrou kan word nie.

Akademie se artikels in akademiese tydskrifte is gewoonlik in teks-formaat. Tesisse, skripsies en voorleggings word dikwels in die oorspronklike tesis-formaat op die Wêreldwye Web oorgelaai. Hierdie tipe artikels bied dikwels nuwe navorsing en is gewoonlik déur die proses van kontrole vir inhoud, akademiese waarde en korrektheid. Die inligting op sulke tipe webwerwe kan dus vertrou word - mits die gebruiker die vaktaal verstaan, want dit word gepubliseer vir vakkundiges.

Akademie se artikels kan (dikwels) herken word aan die eenvoudige wit agtergrond, gebrek aan kleurvolle grafika, en lettertipe wat regdeur die dokument dieselfde bly. Die hele webwerf gee die indruk van 'n getikte bladsy. Hierdie tipe webwerwe het gewoonlik 'n bibliografie, voetnotas, die skrywer se naam en akademiese kwalifikasies. Advertensies vir gewilde gebruiksartikels is afwesig. Nina Kim se honneursstudie *World Wide Web Credibility: What effect do advertisements and typos have on the credibility of web page information?* is 'n voorbeeld van so 'n webwerf.

boontoe

huis toe

4. Spelling en Taalversorging

Kim noem in haar studie ¹¹ dat tipografiese foute en taal- en spelfoute gebruikers laat twyfel in die geloofwaardigheid van 'n webwerf. 'n Dokument wat vol spel- en taalfoute is, wek die indruk dat die skrywer daarvan nie veel moeite met die dokument gedoen het nie. Dit volg dat die skrywer ook nie veel moeite gedoen het om die akkuraatheid van die inhoud te bevestig nie. Die waarskynlikheid dat die dokument deur een of ander vorm van redigering of resensering is, is ook maar skraal: iemand wat die dokument vir feitelike foute gekontroleer het, sou ook tik- en spelfoute raakgesien het. Die tik- en taalfoute op *TheBigLie* se webwerf laat dit geloofwaardigheid verloor.

boontoe

huis toe

5. Laaispoed en programmatuur

'n Bladsy wat stadig aflaa, is irriterend vir 'n joernalis wat betroubare inligting moet hê en terselfdertyd sperdatums moet haal. 'n Webontwerper kan baie doen om te verseker dat 'n bladsy vinniger van die bediener op die gebruiker se rekenaar aflaa. Grafika, omdat dit meer geheue beslaan as teks, laai stadiger as teks af. Grafika op 'n webdokument moet dus nodig en relevant wees, en nie net vir versiering of om die bladsy vol te maak nie. Onnodige prentjies en animasies trek die aandag van die inhoud af. Dis moontlik doelbewus so gedoen om die swak inhoud weg te steek of op te kikker.

Grafika kan as duimnael-prentjies (*thumbnail-images*) in plaas van volgrootte prentjies op die webwerf geplaas word. Die gebruiker sien net 'n klein prentjie, en eers wanneer hy daarop kliek, word die volgrootte prentjie beskikbaar gestel.

Die dokument kan soms net heeltemal te veel kode bevat. Groot dokumente kan in kleiner eenhede opgedeel word wat vinniger aflaa. 'n Swak ontwerp kan veroorsaak dat 'n dokument baie onnodige kode bevat wat net geheuespasie opneem en niks doen nie. *Looneytunes Teaches the Internet* laai baie stadig af omdat dit baie grafika bevat. Die bladsy kan egter nie, as gevolg van die hoeveelheid grafika, afgeskiet word nie, want 'n webwerf vir kinders regverdig baie grafika.

Webwerwe wat stadig aflaa, kan 'n aanduiding wees van stadige (ou) web-bediensers of oorlaaide bediensers. As 'n maatskappy kostes moet besnoei op hul bediensers, dui dit daarop dat dit 'n baie klein maatskappytjie of selfs 'n privaatpersoon is. Die gebruiker moet dus meer skepties wees teenoor hierdie soort inligting, as teenoor inligting vanaf 'n vinniger bediener. Die teenoorgestelde is egter weereens nie noodwendig waar nie. 'n Vinnige bediener kan 'n aanduiding van 'n suksesvolle besigheid wees - een wat 'n item aan jou probeer verkoop deur die (bevooroordeelde) inligting wat hulle op hulle webwerf beskikbaar stel.

boontoe

huis toe

6. Besikbaarheid van die Webwerf en Inligting

Die betroubaarste inligting help nie veel as die webwerf nooit beskikbaar is om na die inligting te gaan kyk nie. 'n 404-fout (webwerf nie beskikbaar nie - soos hierdie een) kan 'n aanduiding wees dat die webmeester besig is om nuwe inligting op die webwerf te laai. As die fout egter te gereeld voorkom, is

dit eerder 'n geval van 'n web-bediener wat dalk oud is, gereeld aandag nodig het of omval, of 'n webmeester wat nie genoeg vir sy webwerf omgee om te sorg dat dit beskikbaar vir sy gebruikers is nie.⁵

Webwerwe wat 'n gebruiker vra om te registreer of betaal, is nie noodwendig meer betroubaar as gratis webwerwe nie. Dele van betaal-webwerwe is soms gratis. As 'n gebruiker moet registreer met 'n wagwoord, is dit nóg 'n wagwoord wat in 'n netwerk-wêreld vol wagwoorde onthou moet word. Dit is nie noodwendig sleg nie; net tydrawend (en irriterend) as 'n wagwoord vergeet word en jy nou op die webwerf moes gewees het.

Die gebruik van koekies deur webwerwe raak al hoe meer algemeen. Sommige netwerkadministrateurs beskou koekies as 'n sekuriteitsrisiko, en netwerke word soms só opgestel dat rekenaars nie koekies kan aanvaar nie.

Is daar 'n aanbeveling van watter blaaier om te gebruik vir die beste resultate? As die gebruiker nie die blaaier het nie - of spesiale sagteware of 'n klankkaart nie - hoeveel sal hy mis? Is die data in 'n formaat wat die gebruiker kan lees? *.pdf*-lêers het byvoorbeeld *Acrobat Reader* nodig om dit te lees. Is daar 'n skakel na 'n webwerf waar inpropprogramme (*plug-ins*) of kykprogrammetjies (*viewers*) afgelaai kan word wat nodig is om alles op die webwerf te sien?

boontoe

huis toe

7. Ten Slotte...

Alhoewel eerste indrukke dikwels mislei, help dit tog om 'n algemene idee van die webwerf te vorm voordat die werklike ontleding van die webwerf begin. 'n Swak ontwerpte webwerf kan dui op die moontlikheid van self-publikasie, maar dit is nie noodwendig so dat 'n goed ontwerpte webwerf dui op goeie inhoud nie. Goeie webontwerp maak nie die inligting betroubaar nie. Min wat die moeite werd is om te sê, kan weggesteek word met goeie ontwerp. Die gebruiker moet skepties bly oor die inhoud van die webwerf totdat die ander kategorieë ook ondersoek is. Die ander oorwegings soos inhoud, ouderdom, oorsprong en doel-gehoor van die webwerf behoort belangriker te wees.

Klik [hier](#) om die hoofstuk oor die Inhoud van 'n webwerf te lees.

boontoe


huis toe

Gemaak met *Note Pad* deur carine op 29 Desember 2000

| |
|------------------------|
| Huis toe |
| Opsomming |
| Indeks |
| Inleiding |
| • Eerste Indrukke |
| • Inhoud |
| • Ouderdom |
| • Oorsprong |
| • Doel/Gehoor |
| Gevallestudie |
| Gevolgtrekking |
| Webwerftipes |
| URL's |
| Skakels |
| Kitskriteria |
| Nuttige Wetenskapwerwe |
| Bronnelys |
| Woordelys |

*"All that is gold does not glitter,
Not all those who wander are lost;
The old that is strong does not wither,
Deep roots are not reached by the frost.
From the ashes a fire shall be woken,
A light from the shadows shall spring;
Renewed shall be blade that was broken,
The crownless again shall be king."*

- J.R.R. Tolkien (uit 'The Lord of the Rings')



Inhoud

In teenstelling met boeke en akademiese tydskrifte word die inhoud van webwerwe baie selde deur kenners of eweknieë nagesien of beoordeel. Die akkuraatheid van sommige tipes inligting is belangriker om te bevestig as ander. Mense wat gesondheidsinligting en raad gee, doen dit dalk met die beste bedoelings, maar dit is dikwels 'n persoonlike en baie beperkte ondervinding. Sulke tipe raad kan gevaarlik wees.

Verkeerde raad oor rekenaar- en programmatuur-pleisters, -kortpaaie en aanpassings kan 'n maatskappy tyd en geld kos. Mense preek dikwels dit waarvan hulle weet, en nie wat noodwendig die beste oplossing is nie.

Die geloofwaardigheid van die inhoud van 'n webwerf kan gemeet word aan die volgende:

1. Logika
2. Objektiwiteit
3. Ondersteuning (kruisverwysings)
4. Akkuraatheid
5. Volledigheid

1. Logika

'n Joernalis wat 'n storie wil skryf oor 'n onderwerp waarvan hy min weet, sal nie die feite op sigwaarde kan evalueer nie. Die logika van die webwerf kan egter 'n aanduiding gee van die betroubaarheid daarvan. Vrae wat kan help met die bepaling van die logika van 'n webwerf, is onder andere:

- Waarop baseer die skrywer sy argumente?
- Maak hy aannames?
- Is daar wanopvattinge wat in meer as een ander betroubare bron as wanopvatting uitgewys is?
- Is die skrywer emosioneel of rasioneel?

'n Joernalis wat 'n storie wil skryf oor metodes om die ouderdom van klippe te bepaal, kan byvoorbeeld nie van webwerwe gebruik maak wat aanvaar dat die Bybel in alle gevalle woordeliks akkuraat is nie. 'n Webwerf soos [AnswersInGenesis](#), wat verwag dat Wetenskap aangepas moet word as dit van die Bybel verskil, se logika is onder verdenking.

Is die argument gegrond op idees wat reeds as verkeerd bewys is, of wat algemeen nie in wetenskapkringe aanvaar word nie? Beïnvloed die verkeerde veronderstellings die eindresultaat? Het die skrywer sy eie navorsing gedoen? Aanhangers van die kreasionisme-teorie doen dikwels nie hul eie navorsing nie, maar praat net ander skrywers oor die onderwerp na. Hulle het dikwels nie 'n idee van wat aangaan nie en maak dus 'n aanspraak op die leser se emosies in plaas van sy brein, soos wat Ken Lewis doen in [TheBigLie](#).

TheBigLie se dubbele standaarde op die definisie van wetenskap plaas die logika sterk onder verdenking: Evolusie kan nie geruik, gesien, geproe, of gevoel word nie, daarom is dit nie 'n wetenskap nie. Skepping kan egter wetenskaplik bewys word, want dit staan in die Bybel. Die *ruik, sien, hoor en voel*-kriteria vir wetenskap om Wetenskap te wees, is nie meer van toepassing nie. Die uitroptekens in byna elke sin dui ook op 'n emosionele, eerder as logiese redenering. ("*They were not there, they did not witness the big bang theory or man revolving from a fish or monkey into a man!!!*" (sic) asof Moses - wat volgens Lewis die boek Genesis geskryf het - die eerste ses dae van die Skepping daar was om te kon ruik, sien, hoor en voel.) Vergelyk dit met [NewScientist](#) se rasonale en onbevooroordeelde ondersoek na die geskiedenis van kreasionisme in die Verenigde State.

Webwerwe wat ander skrywers en teorieë afskiet sonder om te verduidelik waarom, en argumente soos *dit is baie duidelik dat die ander ou verkeerd is* sonder om die foute uit te wys, is twyfelagtig.

Die argumente wat deur die [plat-aarde-vereniging](#) aangevoer word as 'bewyse' dat die aarde plat is, lyk oortuigend. Name, plekke en datums van publikasies en eksperimente word genoem. Argumente soos dat gravitasie 'n persoon op die Noordpool 'aftrek, en die persoon by die Suidpool dus ook 'afgetrek moet word en sou afval as die aarde rond is, is egter heeltemal onlogies.

Oppas vir statistieke. Statistici weet dat byna enige-iets daarmee bewys kan word. Die [broodstatistieke](#) mag heeltemal akkuraat wees, maar dit bewys steeds nie dat brood kinders dommer maak, mense doodmaak of kriminele neigings veroorsaak nie.

Sirkelargumente (wat dít wat bewys moet word, aanvaar) is ook nie aanvaarbare logika nie. Wetenskapjoernaliste met 'n agtergrond in logika, bewysvoering of wiskunde behoort nie

probleme te hê om die logika van 'n webwerf te ondersoek nie.

boontoe

huis toe

2. Objektiviteit

'n Objektiewe bron is een wat realisties is en probeer om alle kante van die saak sonder vooroordele te stel. Die trant van die dokument kan leidrade oor die objektiviteit van die bron gee. Is dit toepaslik vir 'n akademiese bron om krities, humoristies of ernstig te wees? Is die dokument redelik? Of verskil dit van feite wat algemeen deur wetenskaplikes aanvaar word? Aansprake soos *geen newe-effekte* en *geheel en al nie-giftig* klink nie baie objektief nie. 'n Webblad wat aanval, probeer oortuig of emosioneel is, klink na sensasie eerder as na wetenskap.

Inligting wat voorsien word as 'n publieke diens, het 'n beter kans om onbevooroordeeld te wees as inligting wat op 'n kommersiële werf aangebied word (maar nie noodwendig nie).

Die onderskeid tussen advertensies (wat kan help om die bron te finansier) en inligting behoort duidelik te wees. Persoonlike opinie en voorkeure behoort tot die minimum beperk te wees, en die onderskeid tussen inhoud en opinie behoort duidelik te wees.

'n Webwerf wat ander sienings behalwe sy eie sonder meer verwerp, bewyse van stereotipering, en waarskuwings teen dreigende sameswerings of vervolgingswaan behoort deeglik ondersoek te word voordat dit as bron gebruik kan word. Derich Gardiner van Radio Jakaranda het die storie oor NASA se kullery met die maanlanding in 1969 geglo en in Oktober 2000 uitgesaai sonder om die storie by NASA se eie webwerf te bevestig. As die aanhalings in die webdokument bronne noem, kan dit nageslaan word om te sien of die aanhaling binne konteks was.

Is die inligting moontlik en waarskynlik? Stories dat die VIGS-virus doelbewus ontwerp is om die swart bevolking van Afrika onder beheer te hou, is vergesog en moet deeglik ondersoek word.

Is dit moontlik dat die storie 'n draakstekery of satire is? Is daar oordrywing of opgeblase argumente? Die artikel oor hipokondria en die Internet is 'n duidelike oordrywing van die simptome daarvan. Die plat-aarde-vereniging se webwerf is moontlik ook net satire.

Meer as een bron behoort ondersoek en met mekaar vergelyk te word. Die waarheid is moontlik iewers in die middel van die twee kante van die saak - hoewel dit moontlik is dat een beskouing heeltemal verkeerd is.

As die webwerf godsdienstig of polities is, behoort dit maklik te wees om die partydigheid raak te sien. Ander nie-winsgewende organisasies kan ook vooroordele hê, maar selfs bevooroordeelde webwerwe kan 'n waardevolle bron van inligting wees om alle sienings van die saak te probeer verstaan - mits die lesers bewus is van die vooroordele wanneer hy die webwerf besoek.

boontoe

huis toe

3. Ondersteuning

Ondersteuning verwys na ander skrywers, webwerwe, boeke en agtergrondkennis wat die inligting op hierdie webwerf kan bevestig. Indien dit oorspronklike navorsing was, beteken *ondersteuning* dat ander bronne na hierdie werf verwys in hul navorsing. As ander kenners op die gebied hierdie bron as betroubaar beskou, is dit goed genoeg vir 'n joernalis om in sy storie te gebruik.

Indien dit sekondêre navorsing was (navorsing gegrond op wat ander mense en bronne sê), moet daar verwysings na die oorspronklike bronne wees. As die bronne goed gedokumenteer is, is dit maklik om die oorspronklike bronne op te spoor en te vergelyk met wat die webwerf sê. Kan die bronne en skrywers gekontroleer word? Is eksperimente herhaal, en was die resultate dieselfde? Waarvandaan kom die statistiek?

Gee die bladsy 'n nuwe perspektief op bestaande bronne? As die bladsy net 'n samevatting, opsomming of kommentaar op ander werke is, is dit beter om die oorspronklike bronne op te spoor. Oorspronklike bronne dra meer gewig as tweedehandse vertellings daaroor. (Sien die hoofstuk oor die oorsprong van die inligting)

Indien daar bewyse is dat die skrywer ander bronne geplagiatiseer het, of ander bronne se idees weergee sonder om hulle as bronne te lys, moet die oorspronklike bronne eerder gesoek, gebruik en aangehaal word.¹²

Voetnotas en bibliografieë kan addisionele bronne verskaf wat kan help met die kontroleer van die inligting. As daar skakels van hierdie bladsy af na ander webwerwe toe is, gaan kyk na die inhoud en geloofwaardigheid van daardie webwerwe. 'n Betroubare bron sal nie sommer skakels na 'n onbetroubare webwerf toelaat nie. Skakels na ander (relevante) webwerwe oor dieselfde onderwerp wys ook dat die skrywer nie bang is dat ander bronne hom sal weerspreek nie.

Ander bladsye wat na hierdie bladsy toe verwys, demonstreer dat

ander webwerwe genoeg vertrouwe het om hul lesers na hierdie bladsy te verwys. Aanhalings en goeie resensies oor hierdie webblad op ander webblaaie verhoog die bladsy se betroubaarheid.

As die inligting op die webwerf as 'n gedrukte publikasie beskikbaar is, probeer om die gedrukte weergawe in die hande te kry. Druk is 'n stabielere medium as die Wêreldwye Web. Webbladsye word dikwels verander of selfs verwyder; 'n gedrukte weergawe is makliker om weer op te spoor. Bladsynommer-verwysings is ook akkurrater as bladsytitelverwysings vir 'n webdokument. Die Web het nie bladsynommer-konvensies nie; dit is dus moeiliker om 'n spesifieke aanhaling weer op te spoor as dit nodig sou wees. 'n Gedrukte weergawe is ook dikwels meer volledig as die weergawe wat op die Web beskikbaar is. Die Web-weergawe word gewoonlik net gepubliseer om die Web-seiler geïnteresseerd genoeg te kry dat hy die boek sal gaan koop.

Bronne wat gebruik word as studiemateriaal is nie noodwendig waar nie, maar die leser het darem die versekering dat die studiemateriaal deur 'n kenner op die gebied saamgestel is en deur een of ander vorm van eweknie-resensie is omdat die ander personeel in die departement dit sou moes goedkeur.

Hoe vergelyk die webwerf met ander webwerwe oor dieselfde onderwerp? Bevat dit inligting wat nêrens anders beskikbaar is nie? Indien die inligting nuut of vreemd is of in stryd is met ander feite wat as waar aanvaar word, moet ander bronne (waarvan sommige gedrukte media is) gebruik word om die feite te bevestig (of te weerspreek).

boontoe

huis toe

4. Akkuraatheid

Die aard van die inligting en die vakkundigheid van die gebruiker sal bepaal hoe maklik of moeilik dit is om 'n webwerf se akkuraatheid te evalueer.¹³ 'n Wetenskap-joernalis - een wat in die eerste plek 'n joernalis is en in die tweede plek 'n wetenskaplike - sal meer sukkel om die akkuraatheid van 'n webwerf oor genetiese modifikasie van kos te bepaal as 'n vakkundige wat elke dag daarmee werk.

Sommige tipes inligting - soos instruksies hoe om self 'n kamera te bou - kan aan die inligting self gemeet word. As die instruksies gevolg word, en die kamera kan 'n foto neem, was die instruksies korrek. As die instruksies presies gevolg is en die kamera na 'n paar probeerslae steeds nie werk nie, dan kan daar 'n fout met die instruksies wees.

Ander tipes inligting soos teorieë oor evolusie het nie 'n regte of verkeerde antwoord nie, en dit is moeiliker om akkuraatheid te bepaal. Vrae wat kan help, is onder meer:

- Is die inhoud vaag of baie algemeen?
- Is daar voorbeelde en besonderhede om argumente te staaf?
- Is die inligting konsekwent, of weerspreek die webwerf homself?
- Is die inligting vars? (Kliek [hier](#) vir die hoofstuk oor die ouderdom van webwerwe.)
- Waarvandaan kom hierdie inligting? Die bron moet genoem word; kyk of dit opgespoor kan word. Is dit moontlik dat die bron nie werklik bestaan nie? (Kliek [hier](#) vir die hoofstuk oor die oorsprong van die inligting op 'n webwerf.)
- Is byskrifte by kaarte, grafieke en tabelle duidelik? Is daar bronne en datums?
- Word bronne van feitelike inligting genoem?
- Is die webwerf spelversorg en taalversorg? Spel- en taalfoute is 'n aanduiding van slordigheid, wat in die akkuraatheid van feite ook kan deurslaan. (Kliek [hier](#) vir die afdeling oor spel- en taalfoute.)

[ChristianNewsToday](#) vertel die 'ware' storie oor die Bethlehemster. Datums soos wanneer die ster verskyn het (presies 25 Desember, 2 v.C.) word genoem, maar besonderhede oor waar die inligting vandaan kom, is vaag: "**According to astronomers, on December 25, 2 B.C. ... the planet Jupiter came to a stop ...**"

'n Geleentheid om foute onder die skrywer se aandag te bring (soos 'n eposadres en 'n uitnodiging), verskaf 'n soort hersien-proses en dui ook daarop dat die skrywer die regte inligting wil hê en op datum wil bly.

boontoe

huis toe

5. Volledigheid

Dit is onmoonlik vir een webwerf om alle inligting oor 'n onderwerp te versamel en weer te gee. Wesenlike inligting soos wie die *sterrekundiges* in die voorbeeld oor die [Bethlehemster](#) hierbo is, moet egter nie ontbreek nie. Dit help nie 'n webwerf bestee bladsye daaraan om te verduidelik hoe selfoonradiasie DNA-kettings laat breek, as dit nêrens verduidelik wat die implikasies van 'n gebreekte DNA-ketting is nie. Aansprake soos *dit is duidelik dat die ander siening verkeerd is*, is onvolledig as die redes vir die verkeerdheid van die ander siening nie verduidelik word nie.


Probeer dink aan 'n teenoorgestelde standpunt as die een wat hier genoem word. Dit maak nie saak as dit nie genoem word nie; die gebruiker moet net bewus wees daarvan dat daar moontlik inligting is wat nie hier genoem word nie - en dan daarvoor gaan soek.

Kliek [hier](#) om die hoofstuk oor die ouderdom van die inligting op 'n webwerf te lees.



carines@sacte.ac.za

Gemaak met *Note Pad* deur [carine](#) op 31 Desember 2000



| |
|------------------------|
| Huis toe |
| Opsomming |
| Indeks |
| Inleiding |
| • Eerste Indrukke |
| • Inhoud |
| • Ouderdom |
| • Oorsprong |
| • Doel/Gehoor |
| Gevallstudie |
| Gevolgtrekking |
| Webwerftipes |
| URL's |
| Skakels |
| Kitskriteria |
| Nuttige Wetenskapwerwe |
| Bronnelys |
| Woordelys |

"You could give Aristotle a tutorial. And you could thrill him to the core of his being ... Such is the privilege of living after Newton, Darwin, Einstein, Planck, Watson, Crick and their colleagues."

- Richard Dawkins

Ouderdom

Die tipe inligting bepaal die belangrikheid van die ouderdom daarvan. As 'n joernalis 'n storie wil skryf oor globale verhitting, is nuwe data oor temperature, seevlakke en osoontellings nodig. As die storie egter gaan oor verskillende metodes wat argeoloë gebruik om die ouderdom van fossiele te bepaal, maak dit nie saak of die inligting 'n maand of 'n jaar oud is nie. Nuwer materiaal behoort egter voorkeur te kry bo ouer materiaal in enige tipe navorsing. Selfs webwerwe oor geskiedenis verander: webskakels word geskuif en filosofieë verander saam met generasies en heersers.

Die volgende kan aanwysers van die ouderdom van inligting wees:

1. Publikasiedatum
2. Skakels moet in 'n werkende toestand wees.
3. Tydelikheid van inligting en webwerwe. Webwerwe verdamp oornag.

1. Publikasiedatum

'n Publikasiedatum gee 'n goeie aanduiding van die ouderdom (en gevolglike relevansie) van die inligting. Die datum waarop die bladsy die laaste keer opgedateer is, kan ook help om die ouderdom van die inligting te bepaal. Verskillende bladsye van 'n webwerf kan verskillende datums hê; maak dus seker dat die publikasie-datum of *laaste-verander-op-datum* die relevante een vir die betrokke bladsy is.

Die publikasiedatum of *laaste-verander-op-datum* word gewoonlik onderaan 'n webbladsy verskaf. Die datums kan egter misleidend wees, want 'n webmeester vergeet soms om die datum te verander nadat hy aan die webbladsy gewerk het.

As daar nêrens op die webwerf 'n datum is nie, kan die volgende metodes gebruik word om die publikasie-datum uit te vind:

- **Met Netscape Navigator:**

- Regsklik met die muis op enige plek op die oop bladsy, behalwe op 'n skakel. Kies *Properties*.
- OF**
- kies *Page Info* onder die *View*-opsie op die kieslys om uit te vind wanneer die oop bladsy op die netwerkbediener gelaai is.

- **Aanlyn met enige webblaaier:**

'n Programmetjie met die naam *Page Freshness* is beskikbaar vanaf 'n webwerf genaamd *Bookmarklets*. Voeg dit (of enige van die ander items) by die *favorites*-lys. Om dit te gebruik, maak die bladsy waarvan die ouderdom bepaal moet word, oop en kies dan die boekmerkie van die navigasie-gereedskapsbalkie (*navigation toolbar*) af.

Om die *Page Freshness Bookmarklet* af te laai:

- i. Tik die URL
<http://www.bookmarklets.com/tools/data/index.phtml>
in die adresblok en druk **ENTER**, of klik [hier](#).
- ii. Beweeg die muiswyser oor die skakel *Page Freshness*, lees die beskrywing en klik met die regtermuisknoppe.
- iii. Kies *Add to Favorites* of *Add to Bookmarks* om die boekmerkie by die lys van boekmerke te voeg.

Soms het 'n webwerf 'n bladsy met 'n lys van veranderinge wat onlangs aangebring is. Die frekwensie van opdatering (een keer per dag/week/maand) word soms ook genoem. Moet egter nie glo dat webwerwe so dikwels opgedateer word as wat die uitgewer beweert. Toets die bewerings deur gereeld terug te gaan en te kyk of daar enige veranderinge is. As daar 'n *Wat's nuut?*-afdeling op die webbladsy is, kan jy daar gaan kyk hoe oud die inligting is wat as "nuut" beskryf word. As jy weet van nuwe verwickelinge soos 'n kuur teen VIGS, kyk of dit op die webwerf genoem word.

As die webwerf 'n besprekingsforum het, kyk hoeveel inskrywings daar onlangs gemaak is. Dit kan ook 'n aanduiding gee van die hoeveelheid ander mense wat die webwerf gebruik, en wie die mense is wat dit gebruik. Die *soveel-besoekers-sedert-datum*-teller kan ook gebruik word as aanduiding van hoe gewild die webwerf is, en wanneer die besoekers begin tel is. Die webwerf moet ten minste varser as die begin-tel-datum wees.

Die ouderdom van die bronne wat gelys word, kan ook 'n aanduiding gee van hoe oud die navorsing is. Die datum waarop inligting vir statistiek, grafieke en kaarte versamel is, behoort

duidelik te wees.

Kopiereg maak die teks nie noodwendig meer betroubaar nie (dit help egter om die oorsprong daarvan te bepaal), maar die datum van kopiereg kan 'n aanduiding gee van die ouderdom daarvan.

Aanlyn-weergawes van boeke is dikwels die ouer weergawes waarvan die kopiereg verval het. Solank die gebruiker bewus is daarvan, maak dit nie saak nie.

Oor die *onder konstruksie*-kennisgewing is daar meningsverskil. Cooke ¹⁴ meen dit beteken dat 'n webwerf besig is om opgedateer te word. Dit bevestig dus die relevansie en varsheid van die inligting. 'n Gebruiker moet later terugkeer om te sien wat die veranderinge was wat die webmeester aangebring het. 'n Webmeester behoort egter eers die nuwe deel van die webwerf klaar te maak, en dan die 'ou' deel daarmee te vervang. 'n *Onder konstruksie*-kennisgewing hoort nie op 'n professionele webwerf nie.

Sommige inligting word as 'n grap of poets gepubliseer. 'n Gebruiker moet skepties wees oor enige inligting wat op die 1ste April van enige jaar gepubliseer is.

boontoe

huis toe

2. Skakels

Volgens Kim ¹¹ verloor gebruikers vertroue in 'n webwerf as skakels wat na ander webwerwe verwys, nie werk nie. Skakels behoort gereeld opgedateer en gebreekte skakels uitgehaal te word. Een of twee stukkende skakels op 'n webwerf maak nie saak nie (die ander rekenaar is moontlik nie beskikbaar nie of oorlaai) maar te veel stukkende skakels dui op inligting wat nie onderhou word nie.

Werkende skakels kan ook 'n aanduiding wees dat die web dikwels besoek word. Hoe meer mense die werf besoek, hoe groter is die waarskynlikheid dat gebreekte skakels opgespoor, aangemeld en herstel kan word. Minder foute beteken dus meer toetsers, en hoe meer toetsers 'n webwerf het, hoe meer geloofwaardig word die inhoud.

boontoe

huis toe

3. Tydelikheid

Is dit waarskynlik dat die webwerf oor 'n jaar nog gaan bestaan? Baie onderwyskolleges in Suid-Afrika sluit permanent teen die einde van Januarie 2001. 'n Webwerf soos dié van die Suid-Afrikaanse Kollege vir Onderwyser-Opleiding is dus 'n groter risiko as UNISA s'n. Inligting van die Wêreldwye Web af is vlugtig: wat vandag bestaan, is môre nie meer daar nie. Dis beter om bronne te gebruik waarna jy later weer kan verwys.

Sommige tipes inligting is net vir die oomblik relevant. Aankondigings oor Amerika se nuwe president, of 'n kontroversie rondom kerntoetse is moontlik net op die webwerf terwyl dit nog nuus is.

Kliek [hier](#) om die hoofstuk oor die Oorsprong van die inligting op 'n webwerf te lees.

boontoe

huis toe


carines@sacte.ac.za

Gemaak met *Note Pad* deur [carine](#) op 8 Januarie 2001

| |
|------------------------|
| Huis toe |
| Opsomming |
| Indeks |
| Inleiding |
| • Eerste Indrukke |
| • Inhoud |
| • Ouderdom |
| • Oorsprong |
| • Doel/Gehoor |
| Gevallstudie |
| Gevolgtrekking |
| Webwerftipes |
| URL's |
| Skakels |
| Kitskriteria |
| Nuttige Wetenskapwerwe |
| Bronnelys |
| Woordelys |

*"With the possible exception of God during the writing of the Bible, every writer in history has needed an editor.
Anyone who edits their own copy has a fool for an editor."*

- Donald Davis



Oorsprong van die Inligting

Vae terme soos *na bewering*, *so-en-so sê* (of *beweer*), *volgens so-en-so* en *volgens 'n betroubare bron* laat 'n koerantstorie dadelik geloofwaardigheid verloor. Bewerings is net eenvoudig nie geloofwaardig as die bron van die "bewerings" - en sy betrokkenheid by die gebeure - nie genoem word nie. Die meeste eerlike en verantwoordelike skrywers is nie bang om hul bronne te noem nie.

Om een of ander rede - moontlik omdat dit "tegnologie" is ('n rekenaar kan mos nie verkeerd wees nie) - word webwerwe vergeef as die bronne verswyg word. As die oorsprong van die inligting (in enige medium) nie opgespoor kan word nie, is daar rede om skepties te wees oor die geloofwaardigheid daarvan. As dit die moeite werd was om inligting na te vors en te publiseer, behoort dit ook die moeite werd te wees om die oorsprong van die inligting te publiseer - tensy daar nie 'n geloofwaardige oorsprong is nie, of tensy die skrywer bang is dat lesers die oorspronklike bronne opspoor en sien dat aanhalings buite konteks was, of dat sekere dele van die bevindings geïgnoreer word. Die naam en reputasie van die skrywer, instansie en bronne is een van die kragtigste maniere om die gehalte van inligting op die Web te ondersoek.

Die legende oor die verlore dag (die dag toe die son stilgestaan het sodat die Bybelse Josua sy geveg kon wen) wat deur NASA se rekenaars verklaar is, noem byvoorbeeld die bron as *wetenskaplikes by NASA*. Inligting waarvan die bron nie genoem word nie, moet nie vertrou word nie.

Die *oorsprong van inligting* verwys onder andere na

1. wie die webblad geskryf het,
2. wie die instansie is wat die dokument publiseer,
3. en wat ander te sê het oor die skrywer, die instansie en die webwerf.

boontoe

huis toe

1. Wie is die skrywer en waar kom die inligting vandaan?

Die eerste leidraad na die oorsprong van inligting op 'n webwerf is die skrywer se naam. Dit kan gewoonlik bo-aan of onderaan die webbladsy of in sybalkies ("*side bars*") gevind word. As daar nie 'n skakel is met of na die skrywer se naam of tuisbladsy toe nie, kan sleutelwoorde soos *Kontak ons*, *Oor ons*, *Biografie*, en *Filosofie* ("*Contact us*", "*About us*", "*Biography*", "*Philosophy*") leidrade verskaf na die skrywer (of ten minste 'n instansie) se naam. As die skrywer se naam nêrens op die dokument verskyn nie, kan die URL of domeinnaam gebruik word om die skrywer te probeer opspoor: Kap die laaste deel van die URL af tot net voor die laaste skuinsstreep en kyk watter inligting beskikbaar is. Hou so aan totdat net die domeinnaam oorbly.

Om byvoorbeeld die outeur van 'n advertensie oor die tuisbewing van DNA op te spoor (<http://www.d.umn.edu/~dbierke>), word die *~dbierke* afgekap. Die tuisbladsy van die Universiteit van Minnesota Duluth het 'n opsie *people*. Die tilde (~) voor die *dbierke* suggereer 'n privaat-webbladsy by die universiteit. As *bierke* op die *people* soekboks ingetik word, lewer dit die volgende inligting:

*Diane Bierke-Nelson, Lecturer at Medicine-UMD,
Duluth, email: dbierke@d.umn.edu, Office Address:
141 MED Duluth, MN 55812*

As die URL-ontleding nie die naam van die skrywer verklap nie, kan die eienaar van die domeinnaam (wat nie noodwendig 'n instansie hoef te wees nie) by <http://www.allwhois.com/cgi-bin/allwhois4.cgi> opgesoek word. Die bylae oor URL's verskaf meer besonderhede oor domeinname.

'n Persoon kan homself *Professor Jan Rap* noem, maar as hy 'n wiskunde-professor is, maak dit hom geen kenner op die gebied van evolusie of teologie nie. Die skrywer se naam, as dit eers opgespoor is, kan met 'n gewone soekenjin gesoek word (verskeie soekenjins is altyd beter as om net een te probeer) om te sien of die skrywer al naam gemaak het op sy gebied, of hy al toekennings ontvang het, of hy al in vaktydskrifte gepubliseer het, of hy al boeke geskryf het, of ander mense hom aanhaal - kortom: of hy 'n kenner op sy gebied is. As geen soekenjin sy naam kry nie, is dit dalk 'n kommentator met 'n tydelike belangstelling in die onderwerp (soos 'n joernalis), eerder as 'n kenner wat op die webwerf gepubliseer het.

As 'n soekenjin die skrywer se naam by ander webwerwe opspoor, moet die ander webwerwe 'n verband vorm met die onderwerp waarvoor hy skryf. 'n Webwerf oor VIGS is byvoorbeeld nie

geloofwaardig net omdat dit geskryf is deur 'n persoon wat deur soekenjins opgespoor word, as die soekenjins hom as 'n Staatspresident (in plaas van 'n mediese dokter of VIGS-navorsers) identifiseer nie.

Die skrywer se kontakbesonderhede kan ook 'n idee gee of die skrywer werklik bestaan, en is wie hy sê hy is. 'n Werkende e-posadres beteken 'n gebruiker kan die webwerf met die skrywer bespreek. Enige-iemand kan 'n gratis Internet-adres vir e-pos kry; 'n adres wat aandui dat 'n skrywer aan 'n instansie behoort en 'n werklike posadres of fisiese adres en telefoonnommer is dus meer werd as 'n Internet-adres.

Selfs al suggereer 'n skrywer se kwalifikasies en ondervinding dat hy bevoeg is om oor 'n onderwerp te skryf, maak dit nie die inligting op die webbladsy noodwendig waar nie. Die skrywer van hierdie bladsy oor kreasionisme het 'n doktorsgraad in astronomie.

As daar 'n skakel na die skrywer se tuisbladsy toe is, kan dit waardevol wees om te gaan kyk wat die skrywer oor homself sê. 'n Tuisblad is 'n uitstalplek vir kwalifikasies, toekennings en skakels na ander publikasies. Skakels wat die skrywer se stokperdjies en lewensfilosofie verduidelik, kan moontlike vooroordele uitwys. Iemand soos Ken Lewis wat byvoorbeeld baie betrokke is by kerkbewegings, is nie noodwendig die beste persoon om oor kreasionisme te skryf nie.

As die webwerf onder loep ook beskikbaar is as 'n publikasie, is dit die moeite werd om die publikasie te probeer opspoor. Skrywers wat parallel publiseer (in druk én op die Internet) hou gewoonlik iets terug vir die gedrukte weergawe van die publikasie. 'n Gedrukte weergawe verleen onmiddellik meer geloofwaardigheid aan 'n webwerf: iemand vertrou die inhoud van die boek genoeg om geld te waag om dit te laat druk.

Waarvandaan kom die inligting vir die webwerf? As dit oorspronklike navorsing was, is daar 'n verduideliking van die metode sodat ander navorsers kan probeer om die resultate te herhaal? Is dit akademiese kennis, of haal die skrywer ander kenners op die gebied aan? Is daar 'n volledige bronnelys? Is die aangehaalde bronne erkende kenners op die gebied? Is dit net webwerwe, of is daar gepubliseerde werke ook om die bronnelys te balanseer? Die publikasiedatums van die werke in die bronnelys kan 'n aanduiding gee van die ouderdom en relevansie van die inligting op die webwerf wat ondersoek word. Is dit moontlik dat die bronne glad nie bestaan nie? Die bronne wat gelys word vir The True but Little Known Facts about Women with Aids is almal denkbeeldig.

Die skrywer hoef nie noodwendig 'n persoon met jare ondervinding

te wees om 'n geloofwaardige storie te skryf nie. Joernaliste by gerespekteerde instansies soos *The Economist* of dié wat artikels skryf vir *Encyclopedia Britannica* se werk het geloofwaardigheid deur assosiasie met die instansie. Hierdie tipe artikels is goed vir agtergrondinligting, soos wanneer 'n joernalis inligting oor 'n onderwerp soek om voor te berei vir 'n onderhoud met 'n wetenskaplike. Vir 'n ondersoekende artikel kan dit egter die moeite werd wees om die oorspronklike bronne waarna die skrywer verwys, te gaan soek en self te bestudeer om seker te maak dat die moontlikheid van bevooroordeeldheid of aanhalings buite konteks uitgesluit word.

'n Onbekende skrywer beteken nie noodwendig onbetroubare inligting op 'n webwerf nie. Die reputasie van die instansie namens wie hy publiseer, kan help om die webwerf se betroubaarheid te bevestig.¹⁵

boontoe

huis toe

2. Wie is die instansie wat die dokument publiseer?

Die uitgewer verwys na die eerste deel van die URL (webadres) ná die *http://* en voor die volgende */* ; die persoon of instansie wat die netwerkbediener of webbediener opereer.

Kirk¹⁶ stel die volgende vrae voor om die geloofwaardigheid van die uitgewer of webbediener te bepaal:

- Verskyn die naam van die organisasie in die dokument? Is daar opskrifte (*headers*), onderskrifte (*footers*) en watermerke om te wys dat dit aan 'n bepaalde instituut behoort?
- Word die organisasie erken in die veld waar hy nou publiseer?
- Is die organisasie bevoeg om die kwessie aan te spreek?
- Is die dokument deel van die skrywer se professionele pligte?
- Is die webwerf deel van 'n persoonlike webbladsy, eerder as 'n organisasie s'n?

As die domeinnaam dié van 'n hoog aangeskrewe gedrukte weergawe is, bevestig dit die eienaarskap van die webwerf en inligting. 'n ISSN-nommer (*International Standard Serial Number*) help om te verseker dat die inligting deur iemand geëvalueer en geredigeer is.

Die tipe domeinnaam moet gepas wees vir die tipe inligting wat hier verskyn. 'n Dokument wat soos 'n doktrale verhandeling vermom is, is meer tuis op 'n webwerf met 'n *.edu* of *.ac.za*-uitbreiding as op

een met 'n *.com* of *.co.za*-uitbreiding.

Bowker, soos aangehaal deur Burbules en Callister³, het opgemerk dat gebruikers webwerwe met korter URL's as betroubaarder beskou as langer URL's. Veral webwerwe met domeinname wat eindig met *.edu*, *.gov* of *.org* word makliker vertrou. Die *.org*-ekstensie alleen van 'n webwerf soos

<http://www.answersingenesis.org/docs/1122.asp> is egter geen waarborg dat die inhoud daarvan betroubaar is nie.

As daar kopiereg op die materiaal is, kan die eienaar van die kopiereg 'n aanduiding gee van wie verantwoordelik is vir die inligting. 'n Publikasie wat die siening van 'n organisasie reflekteer, dra meer gewig as 'n verklaring wat in persoonlike hoedanigheid gemaak is. Die verband tussen die skrywer en die webmeester/eienaar van die webwerf moet dus gesoek word. Diensverskaffers soos *Geocities* en AOL verskaf persoonlike webwerwe aan enige-iemand wat daarvoor vra. Die domeinnaam moet ooreenstem met wie die webblad beweert dit gepubliseer het. Dit is maklik om 'n webblad af te laai, daarmee te peuter en dit dan met logo's, baniere, agtergrond en al (op 'n ander webwerf) terug te laai asof dit die oorspronklike is. Die domeinname <http://www.whitehouse.gov>, <http://www.whitehouse.net> en <http://www.whitehouse.com> skep al drie die indruk dat dit die Amerikaanse Presidensiële webwerf is. Die domeinnaam met die *.gov*-uitbreiding is die waarskynlikste (en ware) een vir die amptelike werf van die Wit Huis.

'n Tilde (~) in die domeinnaam is gewoonlik 'n aanduiding van 'n persoonlike (nie-amptelike) bladsy op 'n amptelike webwerf. Hierdie tipe persoonlike webwerwe is egter besig om te verdwyn. Domeinname is relatief goedkoop en maklik om te kry; mense verkies name wat makliker onthou word soos www.myeiewerf.co.za/ in plaas van www.sacte.ac.za/~carine/myeiewerf/.

Dit is (soms) moontlik om uit te vind aan wie die domeinnaam behoort. Tik die naam by <http://www.allwhois.com/cgi-bin/allwhois4.cgi> in en kyk wat die webwerf kan oplewer. Meer besonderhede oor hoe om die eienaar van 'n webwerf op te spoor, is in die bylae oor *URL's* beskikbaar.

Die URL van 'n webwerf kan afgebreek word om meer inligting oor die uitgewer te kry. Om die uitgewers van 'n webwerf oor *kanker* en DNA op te spoor, word die laaste deel van die URL (*cancerndnarepair.html*) afgekap.

<http://www.hms.harvard.edu/pathol/sinclair/Pages/> lewer nie veel op nie, maar <http://www.hms.harvard.edu/pathol/sinclair/> is die Sinclair-laboratorium se tuisblad. Inligting oor wie die laboratorium is, wat hulle doen, wat hul doelstellings is en hoe om hulle te

kontak, is beskikbaar. As die URL nog verder afgebreek word, kry jy <http://www.hms.harvard.edu/pathol>, die webwerf van die Universiteit van Harvard se mediese skool.

boontoe

huis toe

3. Wat het ander mense te sê oor hierdie webwerf, skrywer of instansie?

Cooke ¹⁷ meet 'n skrywer of instansie se reputasie aan die sukses, bruikbaarheid of waarde wat 'n bron vantevore bewys het. Sommige webwerwe lys die toekennings wat hulle al gekry het. 'n Skrywer se ondervinding, toekennings en bydraes in die veld dra by tot sy reputasie. 'n Literatuur-soektog (deur die skrywer se naam op 'n soekenjin te tik om te sien watter ander werke al deur hom gepubliseer is) kan 'n idee gee van hoeveel ander artikels (indien enige) al deur hom gepubliseer is. As van die ander artikels in gerespekteerde joernale gepubliseer is, maak dit die stuk onder ondersoek meer geloofwaardig. Ander webwerwe wat hom aanhaal of kommentaar op sy werk lewer, kan help om 'n mening oor die skrywer, instansie of webwerf te vorm.

Wé die toekennings aan die webwerf gemaak het, is net so belangrik as dát die toekenning gemaak is. 'n Toekenning vir die bevordering van die kreasionisme-teorie deur een of ander kerkgroep help nie veel vir geloofwaardigheid nie.

Die URL kan 'n idee gee of hierdie werk deur ander kenners gesien, bespreek en nagesien is. 'n Akademiese besprekingsforum waar verskillende (geleerdes) kommentaar oor spesifieke onderwerpe lewer, het 'n beter kans om gehalte-inligting te lewer as 'n geselskamer vir leke. Hoe meer akademici 'n kans kry om kommentaar te lewer en nuwe idees te bespreek, hoe beter is die kans dat die gebruiker gehalte-inligting gaan kry. Artikels in vaktydskrifte sou meer geloofwaardig wees as artikels oor dieselfde onderwerp wat byvoorbeeld op *Sarie* se webwerf sou verskyn.

Wat het ander webwerwe oor hierdie webwerf te sê? Gebruik 'n soekenjin soos Altavista of Google om te sien watter ander bladsye skakels het wat na hierdie bladsy verwys. Tik [link:www.newscientist.com](http://www.newscientist.com) in Altavista se soekboks om uit te vind watter webwerwe skakels het na hierdie webbladsy toe. Met Google se gevorderde soekenjin kan die URL in die keuseboks gemerk "*Find pages that link to the page*" getik word. (Om die betrokke soekboks te sien, moet die skerm 'n bietjie afgerol word.)

As webbladsye gelys word in 'n betroubare verklarende biblioteek

soos [Librarian's Index](#), [Infomine](#), [About.com](#) of [Britannica.com](#), beteken dit dat die inhoud van die webwerf reeds deur ander mense goedgekeur is.

Die hoeveelheid mense wat die webwerf gebruik, gee 'n aanduiding van die gewildheid van 'n webwerf. Besoekertellers tel egter gewoonlik net elke besoek aan die tuisbladsy, selfs al het die besoeker nooit verder gekyk nie. Gewildheid is ook nie dieselfde as gehalte nie.


Onbekende skrywers en instansies kan ook gehaltewerk lewer. Een kriterium alleen kan nie 'n webwerf se betroubaarheid bepaal nie. Kliek [hier](#) om die hoofstuk oor Doel en Gehoor van 'n webwerf te lees.

boontoe

huis toe

carines@sacte.ac.za

Gemaak met *Note Pad* deur [carine](#) op 10 Januarie 2001



"Scientific truth is too beautiful to be sacrificed for the sake of light entertainment or money."

- Richard Dawkins

Die Doel en Gehoor van die Webwerf

Webbladsye word nie ontwerp met wetenskap-joernaliste in gedagte nie. Besighede skep webwerwe om hul produkte aan die groter Internet-publiek te bemark. Groepe met spesiale belangstellings skep webwerwe om sekere sienings, menings of filosofieë te bemark - aan dié wat hul menings deel, of dié wat moontlik oortuig kan word. Akademici publiseer die resultate van hul navorsing vir 'n professionele of akademiese gehoor.

Lookoff.com¹⁸ verdeel die eienaars van webdokumente in vier kategorieë:

- Maatskappye wat die gebruiker van nuttige inligting voorsien (in die hoop om iets terug te kry).
- Maatskappye wat probeer om geld te maak deur die Internet.
- Individue wat probeer geldmaak.
- Individue wat inligting op Internet beskikbaar stel ter wille van die deel van inligting.

Die bestaansrede vir die dokument kan 'n aanduiding gee van die betroubaarheid van die inligting. Inligting oor velkanker en die redes daarvoor is meer betroubaar as dit van die kankervereniging se webwerf af kom, as wanneer dit van 'n webwerf af kom wat probeer om hul sonprodukte te verkoop.

Onder die bestaansrede van 'n webwerf kan die volgende oorweeg word:

1. Wie is die gehoor?
2. Wat is die doel van die gebruiker?
3. Wat is die doel van die eienaar?

boontoe

huis toe

1. Wie is die gehoor?

Die gehoor wat die webmeester in gedagte gehad het toe hy die webwerf ontwerp het, kan 'n aanduiding gee van die akkuraatheid van die inligting. 'n Webwerf soos StarChild wat vir kinders ontwerp is, sal net basiese inligting bevat. Die inligting is ook nie

noodwendig korrek nie - wetenskaplike beginsels wat te moeilik is om te verduidelik, word dikwels vereenvoudig sodat kinders dit kan verstaan. In Suid-Afrika word kinders in graad nege ter wille van eenvoud byvoorbeeld geleer dat die rigting waarin 'n elektriese stroom vloei, van die positiewe na die negatiewe pool is. Eers in graad elf word hulle geleer dat elektriese stroom in der waarheid in die teenoorgestelde rigting vloei.

'n Skrywer het sekere voorveronderstellings oor die agtergrondkennis van die leser. 'n Amerikaanse skrywer oor die geskiedenis van die Verenigde State sal byvoorbeeld praat van *Watergate* asof al sy lesers weet wat dit is. 'n Webwerf wat landbouprodukte aan Australiese melkboere verkoop, kan nie die term *submit* gebruik om aan te dui dat 'n voltooid vorm oor die Internet gestuur moet word nie, want dit is die term wat melkboere gebruik as 'n koei deur 'n bul gedek word. As 'n webwerf oor 'n tegniese onderwerp bedoel is vir die algemene webseiler, moet vakterme verstaanbaar verduidelik word. 'n Akademiese webwerf vir 'n professionele gehoor hoef nie terminologie te verduidelik nie. Die taalgebruik, skryfstyl en grafika moet pas by die tipe gehoor wat die skrywer probeer bereik. (Kliek [hier](#) om die hoofstuk oor die eerste indrukke van die webwerf te hersien.)

[boontoe](#)[huis toe](#)

2. Wat is die doel van die gebruiker?

Die doel van die gebruiker sal bepaal hoe belangrik dit is dat die inligting betroubaar is. As die gebruiker 'n joernalis is wat net agtergrondinligting oor sojaproducte soek voordat sy 'n onderhoud met 'n voedselwetenskaplike oor soja moet gaan voer, sal enige tipe bron oor soja aan die doel beantwoord. As die joernalis egter ná die onderhoud die wetenskaplike se aansprake oor die voor- en nadele van soja wil toets, is die geloofwaardigheid en die kwaliteit van die inhoud baie belangriker.

'n Joernalis wat statistieke oor HIV/VIGS soek, sal makliker op 'n algemene webwerf oor VIGS regkom, as op 'n webwerf vir medici wat vol tegniese terme en besonderhede is en onnodig moeilik lees. 'n Artikel oor presies hoe VIGS veroorsaak word, sal egter die gebruik van 'n meer tegniese webwerf vereis. *Geloofwaardigheid* van 'n webwerf hang dus af van wát die gebruiker met die inligting op die webwerf wil doen.

[boontoe](#)[huis toe](#)

3. Wat is die doel van die eienaar?

Die meeste media-organisasies bestaan om 'n wins te maak; as hulle dit nie kan regkry nie, sal hulle weldra nie meer 'n besigheid wees nie. Die meeste wins word gemaak deur gehore aan adverteerders te verkoop. Omdat gehore 'n bron van inkomste is, kompeteer webwerwe met mekaar om die publiek se aandag.¹⁹

Hoe kry die webwerf die gebruiker se aandag? Is dit opvoedkundig of vermaaklik? Is dit bedoel om in te lig, te oortuig of 'n produk te verkoop?

Die URL of domeinnaam kan 'n leidraad oor die bedoeling van die eienaar verklap: *.edu* of *.ac.za* vir 'n akademiese opvoedkundige instelling en webwerf; *.gov* of *.gov.za* vir 'n regeringswebwerf; en *.com* of *.co.za* vir 'n kommersiële webwerf. Klik [hier](#) vir meer inligting oor URL's.

Die onderskeid tussen *.com*, *.org* en *.net* is egter deesdae besig om te vervaag. 'n *.fr*-uitbreiding beteken nie noodwendig dat die webwerf van Franse oorsprong is nie; ondernemende entrepreneurs van een land registreer dikwels 'n webwerf in 'n ander land ter wille van 'n eksotiese uitbreiding soos *.tv*.

'n Webwerf kan egter nie op grond van sy domeinnaam alleen geëvalueer word nie. Nie alle kommersiële webwerwe sal probeer om iets aan jou te verkoop nie. Selfs webwerwe wat probeer om 'n produk te verkoop, kan waardevolle inligting verskaf. [Agriweb](#) is 'n Australiese webwerf wat landbouprodukte aan boere verkoop. Om te verseker dat die boere terugkeer na die webwerf, verskaf dit egter ook akkurate inligting oor boerderymetodes en weervoorspellings.

Die gehalte en aard van *.edu* en *.ac.za*-werwe varieer van navorsingsforums vir kernnavorsers by universiteite tot studente se persoonlike webwerwe waar hulle een of ander belangrike teorie probeer verkoop.²⁰

Wat kan die borg wen deur die inligting wat op die werf verskyn? Advertensiewaarde? Openbare betrekkinge? Gewoonlik is daar 'n skakel na die organisasie wat die webwerf finansier of huisves. Volg die skakel en bestudeer die organisasie se doelstellings om te sien of daar enige spesiale belangstellings is. Waarom borg hulle die webwerwe wat hulle gekies het? Word navorsing oor longkanker gefinansier deur 'n sigaretmaatskappy? Is dit moontlik om die inhoud aan te pas om die adverteerders tevrede te hou? Word die inhoud gebalanseerd aangebied met skakels na webwerwe wat ander

of teenoorgestelde sienings oor die onderwerp het?

Is daar enige bewyse van ideologieë? 'n Webwerf oor evolusie behoort deeglik ondersoek te word as daar tekens is dat geloofsoortuigings die navorsing kon beïnvloed.

As die gasheer 'n publikasiereeks, tydskrif, joernaal of koerant soos news24 is, kyk of die ISSN-nommer opgespoor kan word.

Publikasies sonder ISSN-nommers is waarskynlik tuisgemaak en het minder outoriteit as 'n publikasie met 'n nommer.

Klik hier om te sien hoe die kriteria op verskillende webwerwe toegepas kan word.

boontoe


huis toe

carines@sacte.ac.za

Gemaak met *Note Pad* deur carine op 7 Januarie 2001

| |
|------------------------|
| Huis toe |
| Opsomming |
| Indeks |
| Inleiding |
| • Eerste Indrukke |
| • Inhoud |
| • Ouderdom |
| • Oorsprong |
| • Doel/Gehoor |
| Gevallestudie |
| Gevolgtrekking |
| Webwerftipes |
| URL's |
| Skakels |
| Kitskriteria |
| Nuttige Wetenskapwerwe |
| Bronnelys |
| Woordelys |

"As far as we're concerned there's nothing unusual at all, because it's part of stuff she routinely sends to the provinces."



- Patricia Lambert, beampte van die Ministerie van Gesondheid, oor 'n dokument wat beweer dat Vigs 'n sameswering is om die aantal swartmense in Afrika te verminder.

'n Gevallestudie: die Selfoonuitstralingshisterie

'n Joernalis wil 'n storie skryf oor die gevaar van uitstraling deur selfone. 'n Soektog onder *cellphone radiation* op die soekenjin [google](http://www.google.com) lewer onder andere die dokumente in die onderstaande lysie op.

1. [Recent DNA research results on CELL PHONE EMF](http://www.rfsafe.com/DNA_EFFECTS.htm)
http://www.rfsafe.com/DNA_EFFECTS.htm
2. [The Downside of Mobile](http://www.britannica.com/bcom/magazine/article/0,5744,302422,00.html)
<http://www.britannica.com/bcom/magazine/article/0,5744,302422,00.html>
3. [Are you killing your brain with your mobile phone?](http://www.rocknroll.force9.co.uk/science/mobiletelephones.html)
<http://www.rocknroll.force9.co.uk/science/mobiletelephones.html>
4. [Give Us A Ring](http://www.newscientist.com/nsplus/insight/phones/giveusaring.html)
<http://www.newscientist.com/nsplus/insight/phones/giveusaring.html>
5. [Get your Head round This](http://www.newscientist.com/nsplus/insight/phones/mobilephones.html)
<http://www.newscientist.com/nsplus/insight/phones/mobilephones.html>

1. Recent DNA research results on CELL PHONE EMF DAMAGE

http://www.rfsafe.com/DNA_EFFECTS.htm

Hierdie webwerf verduidelik hoe 'n selfoon kanker kan veroorsaak deur die DNA en chromosome van die gebruiker aan te val en die DNA-kettings te breek.

i. Eerste Indrukke

(Klik [hier](#) om die hoofstuk oor Eerste Indrukke te hersien.)



Die grafika (waarvan dele hierbo en links gekopieer is) is opvallend te veel en te besig. Die bewegende DNA-helikse (links) en 'n bewegende sinus-golf (bo) sonder byskrif, verduideliking of doel skep die indruk dat die skrywer nie regtig weet wat al die grafika beteken nie. Nuttelose grafika maak 'n webbladsy onnodig stadig om af te laai.

Die bont agtergrond laat die webwerf onprofessioneel lyk. Alle teks is egter leesbaar.

'n Tik- en taalfout in dieselfde sin (die uitknipsel hieronder) skep 'n indruk van slordigheid. Die slordige verspreiding van grafika oor die bladsy versterk die indruk van traak-my-nie-agtigheid.


**Click [HERE](#) to see the SAR TEST ON YOUR PHONE!
WAS IS IT HIGHER THEN WHAT THE ABOVE
RESEARCH WAS DONE? @ SAR 0.6**

Die skakel in die uitknipsel hierbo lei na 'n bladsy met tabelle wat die uitstralingsterkte vir verskillende selfone gee. (Kliek [hier](#) om die bladsy te sien.) Daar is egter geen verwysing na waar die data vandaan kom of hoe oud dit is nie. Dit lyk asof die data net iewers van 'n ander bron (of webwerf) af gekopieer is en hier geplak is. Die formaat en kleur van die tabelle verskil, besonderhede vir sommige selfone word herhaal en sommige selfoonname is nie in lyn met die ander nie.

ii. Inhoud

(Kliek [hier](#) om die hoofstuk oor die Inhoud te hersien.)

Die oormatige gebruik van uitroeptekens gee die webwerf 'n emosionele voorkoms: "**GENE FOUND!!! IT'S ALL IN YOUR DNA!!!**" laat mens eerder dink aan die hoofskrifte in 'n sensasie-honger skinderkoerant as 'n wetenskaplike verslag.



Die byskrif by die grafika hierbo is "*DNA strand breaks are also very obvious*", maar daar is geen aanduiding van waarna om te kyk om die sogenaamde "strand breaks" te sien nie. Daar is nie eens 'n aanduiding of die byskrif na die foto of die DNA-animasie verwys nie.

Deur (op die werklike bladsy; nie die kopie op hierdie bladsy nie) op die regterknoppie van die muis te klik as die muis oor die DNA-animasie - wat veronderstel is om die effek van selfoonuitstraling te demonstreer - beweeg, en dan *save picture as* te kies, kan gesien word dat die voorstelling eintlik niks met selfoonuitstraling of DNA te doen het nie. 'n Java-toepassingsprogrammetjie (*applet*) word op die oorspronklike DNA-heliks geloop om die prentjie te verdraai. Die DNA-heliks is dus niks anders as rekenaar-grafika nie.

'n Skakel oor hoe die foto's van die DNA geneem is, impliseer dat beide die foto en die rekenaar-animasie foto's is. 'n Ondersoek van die skakel lei na die nuusblad van die Atoomenergiekorporasie van Indië. Die skakel is ietwat irrelevant, want alhoewel dit die fotoneemproses breedvoerig verduidelik, werp dit nog geen lig op waarom selfone skadelik is nie.

'n Skakel wat aandui dat dit oor DNA en kankernavorsing gaan, lei na 'n webwerf van die Sinclair-laboratorium, die patologie-afdeling van die Universiteit van Harvard. Dit hou egter geen verband met die invloed van selfone of uitstraling op die DNA-kettingbreekproses wat hier beskryf word nie.

Aan die einde van die webwerf is daar 'n skakel na 'n advertensie om 'n eenheid te koop waar DNA tuis gestoor kan word. Daar is egter geen aanduiding van waarom DNA tuis gestoor moet word, en of dit enigsins sal help teen die gevare van selfone nie.

Die skakel na die voor- en nadele van verskillende

selfoontoeestelle beweer dat handvrye toestelle totaal geen beskerming bied nie. Dit weerspreek inligting vanaf ander webwerwe soos *The Downside of Mobile*. Dit kan waar wees, maar dit moet bevestig word met inligting van ander bronne af.

Die inligting is onvolledig. Die skrywer praat van die *groot gevaar* van selfone, maar noem dan net een studie. Weet die skrywer net van een studie, of was dit die enigste studie wat aan die skrywer se doel beantwoord?

iii. Ouderdom

Kliek [hier](#) om die hoofstuk oor die Ouderdom van 'n webwerf te hersien.

Daar verskyn geen datum op die dokument nie. Volgens die *Page Freshness* boekmerkie is die webwerf op 2 Desember 2000 gepubliseer. (Soos getoets op 9 Januarie 2001)

Die skakel na die verduideliking van hoe foto's van DNA-skade geneem word, verwys na 'n artikel wat in April 2000 geskryf is. Die inhoud van hierdie bladsy kan dus nie ouer as April 2000 wees nie.

iv. Oorsprong

Kliek [hier](#) om die hoofstuk oor die Oorsprong van inligting te hersien.

Die naam van die skrywer van die webbladsy word nêrens op die bladsy genoem nie. Kontakbesonderhede, bronne en tekens van redigering is afwesig. Die enigste name wat genoem word, is dié van Lai en Singh. 'n Ander bron (wat [hier](#) bespreek word) beskryf Lai egter as *well known for his outspoken views about the hazards of mobile phones* en noem dat Lai moes erken dat hy geen bewys het dat mense geheueprobleme ondervind nadat hulle met selfone gepraat het nie.

'n Ontleding van die URL om die skrywer of organisasie te probeer opspoor, bring jou by <http://www.rfsafe.com>. 'n maatskappy wat produkte verkoop om mense te beskerm teen die uitstraling afkomstig van selfone.

Onderaan die bladsy is 'n kopiesreg-boodskap dat die handelsmerke en kopieregte op materiaal in die dokument die eiendom van die betrokke partye is. Nêrens is egter enige verwysing na wêreldwye kopiesreg op die inligting besit, indien

daar kopiereg is nie.

v. Doel en Gehoor

Kliek [hier](#) om die hoofstuk oor Doel en Gehoor te hersien.

Onderaan die bladsy is 'n versoek dat die leser sy vriende moet vertel van hierdie webwerf; dit impliseer dat die dokument op 'n leke-gehoor gemik is. *"Cells lacking any one of the Sir4p components display an increased sensitivity to ionizing radiation in the absence of the dominant recombinational (RAD52-dependent) repair pathway. Indirect immunofluorescence has shown that the Sir complex and the Ku heterodimer are physically associated with the telomeric DNA"* klink nie baie soos taal wat vir leke bedoel is nie. Nérens is daar enige verduideliking van terminologie nie.

Die *.com*-einde van die domeinnaam impliseer 'n kommersiële webwerf. Die eienaars is vervaardigers of verkopers van 'n produk om selfoongebruikers teen bestraling te beskerm. Die doel van die webwerf is dus glad nie om in te lig nie, maar eerder om die leser met vaktaal (hoe groter die woorde wat gebruik word, hoe meer wetenskaplik moet die webwerf wees) te probeer oortuig dat selfone gevaarlik is en dat *AegisGuard* die enigste beskermingsmateriaal is wat jou kan red.

vi. Gevolgtrekking

Net een of twee kategorieë kan nie die gehalte van inligting op 'n webwerf bevestig of weerspreek nie. Die algemene indruk van hierdie dokument is egter een van ongeloofwaardigheid. Dit behoort nie gebruik te word om enige gesondheidstorie oor selfone na te vors nie.

boontoe

huis toe

2. The Downside of Mobile

<http://www.britannica.com/bcom/magazine/article/0,5744,302422,00.html>

i. Eerste Indrukke

Behalwe die embleem van *britannica.com* (die gasheerwebwerf vir die artikel) is daar geen ander grafika op die webbladsy nie. Dis maklik om te sien waar die inligting

vandaan kom en aan wie dit behoort. Die eenvoudige kleurskemas, uitleg en lettertipes suggereer dat die inhoud belangriker is as om te vermaak of mooi te lyk. Die hele uitleg van die webwerf lyk meer na 'n tydskrifartikel (wat dit in der waarheid is) as na 'n webwerf. Navigasie in *britannica* se webwerf is eenvoudig, met die skakels en soekboks heel bo. Die res van die teks word nie onderbreek deur advertensies, spel- en taalfoute en onnodige grafika nie. Dit laai vinnig. Met die eerste oogopslag wek die webbladsy vertrou.

ii. Inhoud

Die artikel noem resultate van verskeie studies wat gedoen is oor die gevare van selfoonuitstraling. Die resultate van studies wat 'bewys' dat die gebruik van selfone 'n nadelige uitwerking kan hê, word genoem. Die skrywer voeg egter ook by dat verskeie ander studies nog nie die resultate kon dupliseer nie. Hy noem ook positiewe resultate soos dat een studie 'n klein verbetering in reaksie tyd tot gevolg gehad het, en dat een studie op muise wat spesifiek geteel is om vatbaar te wees vir kanker, niks opgelewer het nie. In Noorweë, waar die selfoonuitstralingskwessie heelwat meer persdekking geniet het as in Swede, is twee keer soveel klagtes oor gesondheidsgevaare as gevolg van selfoonuitstraling aangeteken. Die artikel is dus volledig, gebalanseerd en objektief.

Die artikel noem baie verskillende studies - by die naam van die navorser of instansie, sodat hulle weer opgespoor kan word. Dit dui daarop dat die skrywer meer as net een studie bestudeer het om sodoende al die kante van die saak te stel. Dit stel ook die leser in staat om die studies op te spoor en self die feite in die artikel na te slaan.

iii. Ouderdom

Die artikel is op 9 Oktober 1999 in *The Economist* gepubliseer. Die webwerf is dus heelwat ouer as die webwerf wat hierbo bespreek is. Lai se studie, waarna die webwerf hierbo verwys, is egter al in 1995 gedoen. Die 'nuwer' webwerf hierbo se inligting is dus net so oud, of ouer as die inligting op hierdie webwerf.

iv. Oorsprong

Die webwerf behoort aan die *Encyclopedia Britannica*; dit word bevestig deur die URL. Volgens die kopieregkennisgewing aan die onderkant van die bladsy behoort dit

aan *The Economist*, 'n tydskrif wat bekend is vir die gehalte van sy artikels. Die artikel kan in die betrokke uitgawe van die tydskrif gesoek en bevestig word.

v. Doel en Gehoor

Die oorspronklike gehoor vir die artikel was lesers van *The Economist*. *Britannica* se webwerf is vir naslaandoeleindes. In beide gevalle is die lesers leke; die artikel gebruik dus nie hoogdrawende vakterme om 'n leë inhoud te probeer kamofleer of lesers te beïndruk nie.

Die doel van die eienaar is nie, soos die vorige webwerf onder bespreking, om 'n produk te verkoop nie, maar eerder om in te lig. Die navorsing is gedoen deur *The Economist*; die navorsing is dus gefinansier deur die kopers van die tydskrif en die adverteerders daarvan. *Britannica* maak hul geld deur advertensies op die webwerf. Hulle wil dus 'n kwaliteit-produk lewer om mense te lok en te laat terugkom na hul webwerf toe.

vi. Gevolgtrekking

Behalwe dat die inligting al meer as 'n jaar oud is, is dit 'n betroubare webwerf. Meer navorsing en resultate kon egter in die tussentyd beskikbaar geraak het. Die inligting op hierdie webwerf kan dus nie gebruik word sonder om nuwer bronne te raadpleeg nie.

boontoe

huis toe

3. Are you killing your brain with your mobile phone?

<http://www.rocknroll.force9.co.uk/science/mobiletelephones.html>

Met die heel eerste sin wat jy op hierdie webwerf lees, weet jy al: hierdie skrywer hou nie van selfone nie. Hy spandeer vier paragrawe daaraan om sy vooroordeel bekend te stel voordat hy begin met die ondersoek. Hy praat onder andere van die *ar*eholes* wat in die openbaar met selfone praat, en noem selfone *develish items*. Die sarkasme, openlike vooroordeel en taalfoute

*(It seems that the **right** thinking majority, won't have to put up with this situation for much longer however, Because the radiation...is likely to leave it's operator with depleted brain function, dribbly mouth and early death)*

laat die dokument lyk asof niemand dit nagesien of geredigeer het nie. Vae bewerings soos *dit is 'n wetenskaplike feit dat radiogolwe steriliteit veroorsaak*, klink nie baie oortuigend nie.

Die oplossing wat hy voorstel - metaalonderbroeke, wat volgens hom in Japan baie gewild is - klink 'n bietjie vergesog (maar is die moeite werd om ter wille van vermaak verder te ondersoek).

Die skrywer se logika is onder verdenking wanneer hy vertel van navorsing wat bewys dat selfoonbestraling reaksietyd beïnvloed (hy sê nie of dit vinniger of stadiger word nie) en dan 'n voorbeeld gebruik: *"I can vouch for these findings personally as I was bumped by a man from behind who was using a mobile phone while driving, and in 14 years I have never been bumped before."* Om 'n ongeluk te maak omdat jou aandag afgetrek word, is nie dieselfde as om, na langdurige blootstelling aan selfone, ongelukke te maak omdat jou reaksies te stadig is nie.

Hierdie webwerf is heelwat varser as die vorige webwerwe wat hier ondersoek is (15 Oktober 2000) en die uitleg is professioneel en gebruikersvriendelik, maar teen die tyd dat jy die paragraaf vol taalfoute lees oor die invloed wat selfone op vliegtuie het (waar, maar irrelevant) weet jy dat hierdie webwerf nie die moeite werd is om weer te besoek nie.

[boontoe](#)[huis toe](#)

4. Give us a Ring

<http://www.newscientist.com/nsplus/insight/phones/giveusaring.html>

Hierdie webwerf konsentreer op metodes waardeur bestraling van selfone af verminder kan word, eerder as om op die gevolge van uitstraling self te konsentreer.

Die uitleg is netjies en maklik om te verstaan, die taalversorgde dokument en min grafika wek vertroue.

Die artikel verduidelik die hele probleem rondom loshand-toestelle en verduidelik dat verskillende toetse verskillende resultate gelewer het en verduidelik waarom. Die leser kry nie die idee dat die skrywer iets aan hom probeer verkoop, of sekere kante van die saak probeer wegsteek nie.

Dit is egter net 'n samevatting van ander mense se navorsing. Dit is goed om te lees vir agtergrondinligting, maar om 'n ondersoekende

artikel te skryf, sal dit beter wees as die oorspronklike navorsing opgespoor kan word.

Die artikel is op 11 November 2000 gepubliseer. Dit behoort die moeite te wees om die ander skakels (met publikasiedatums) oor selfone en uitstraling te ondersoek.

Die skrywer se naam, en name en datums van instansies wat studies oor die uitstraling vanaf selfone gemaak het, word genoem. Die name van publikasies waar die uitslae van die studies en eksperimente gepubliseer is, maak dit maklik vir die gebruiker om die oorspronklike studies op te spoor.

Die artikel is op *NewScientist* se webwerf gepubliseer. Artikels uit *NewScientist* is by about.com gelys; dit verhoog die waarde van die webwerf, want *about.com* keur artikels voor dit gelys word.

Die Domeinnaam (www.newscientist.com) en die kopieregkenningsgewing onderaan die bladsy bevestig die eienaarskap van die artikel.

Op *Newscientist* se tuiswerf (volg die skakel van die artikel af, of klik [hier](#)) kan gesien word dat dit ook 'n tydskrif is wat vir navorsing betaal deur artikels aan 'n gehoor, en 'n gehoor aan adverteerders te verkoop. 'n Ontleding van die URL bring jou by www.newscientist.com/nsplus/insight/phones met 'n rykdom van ander artikels oor die onderwerp (waarheen die bladsy ook met skakels verwys).

Die webwerf lyk na 'n baie goeie beginpunt vir enige navorsing oor die gevaar van selfone.

boontoe

huis toe

5. Get your Head Round This

<http://www.newscientist.com/nsplus/insight/phones/getyourhead.html>

Die artikel is op 10 April 1999 in *NewScientist* gepubliseer. Die uitleg volg dieselfde patroon as dié vir die webbladsy (van dieselfde tydskrif) wat [hierbo](#) bespreek is. Die inligting is al oud, maar op dieselfde webwerf is skakels na varser artikels.

Soos hierbo, ondersoek die joernalis alle kante van die saak en noem name en datums van studies sodat die leser self die feite kan kontroleer.

Die naam van die webwerf is die moeite werd om te boekmerk vir latere verwysing - ook vir moontlike navorsing oor ander onderwerpe.

Dit is nie moeilik om die kriteria toe te pas nie - dit kom weereens neer op die gebruik van gesonde verstand. Selfs al word die Web nie vir navorsing gebruik nie, kan dit as 'n goeie beginpunt dien van waar om te begin soek na kredietwaardige studies - of waarna om te soek. Nadat die name van studies, publikasies en navorsers oor 'n onderwerp opgespoor is, kan die Internet (of 'n biblioteek) daarvoor deursoek word.

boontoe

huis toe

carines@sucte.ac.za

Gemaak met *Note Pad* deur carine op 10 Januarie 2001



| |
|------------------------|
| Huis toe |
| Opsomming |
| Indeks |
| Inleiding |
| • Eerste Indrukke |
| • Inhoud |
| • Ouderdom |
| • Oorsprong |
| • Doel/Gehoor |
| Gevallestudie |
| Gevolgtrekking |
| Webwerftipes |
| URL's |
| Skakels |
| Kitskriteria |
| Nuttige Wetenskapwerwe |
| Bronnelys |
| Woordelys |

"Common sense is not so common."

- Voltaire

Gevolgtrekking

Riglyne wat die betroubaarheid en geloofwaardigheid van inligting op 'n webwerf kan waarborg, is onmoontlik. Niks kan gesonde verstand en kritiese denke vervang nie. Hierdie riglyne moet dus nie beskou word as vaste reëls nie; dit is eerder 'n poging om die leser bewus te maak van die probleme en moontlike slaggate van die Wêreldwye Web. Daar is heelwat verskillende stelle riglyne om inligting op webbladsye te evalueer. Klik [hier](#) vir skakels en verwysings na ander webwerwe en boeke oor die onderwerp.

Weinig webwerwe sal aan al die vereistes voldoen. Feite en idees moet dus bevestig word deur dit met ander bronne (gedruk of elektronies) te vergelyk. 'n Spesifieke bladsy moet as deel van die webwerf waaraan hy behoort, gesien en geëvalueer word.

Ondanks al die slaggate bly die Wêreldwye Web steeds die maklikste en betroubaarste bron om inligting te kry. Min mense lees meer as een (plaaslike) koerant per dag. Vandag, in die Internet-era, is baie verskillende weergawes van dieselfde storie in 'n kits aanlyn beskikbaar. Jy kan die voor- en nadele van kernkrag lees soos wat plaaslike verslaggewers dit opdis, vanuit 'n linkse, regse of groen-betotelde (Pieter Spaarwater se Afrikaanse term vir lede van die *GreenPeace*-beweging) oogpunt. Jy kan dieselfde debat volg soos wat dit in die Verenigde State van Amerika, in Frankryk of in Indië gevoer en gepubliseer word.

Dit help om 'n webwerf, wanneer dit as betroubaar bewys is, te boekmerk. 'n Bron wat op een onderwerp betroubaar is, kan waarskynlik vertrou word met ander onderwerpe ook.

Soos lees, raak hiperlees ook vinniger met oefening. Die tekens van geloofwaardigheid (of die gebrek daaraan) word al hoe makliker om te herken hoe meer die web gebruik word. Dit is nie nodig om elke dokument teen al die kriteria te toets nie. Om te weet dat alle inligting van die Web af skepties benader moet word is, saam met gesonde verstand, genoeg om te leer hiperlees.

As 'n laaste kriterium kan 'n joernalis besluit of hy die webwerf vir iemand anders wat in die onderwerp belangstel, sou aanbeveel. As die antwoord *ja* is, is dit heel moontlik 'n betroubare bron.


'n Opsomming in tabelvorm kan [hier](#) gesien en gedruk word om byderhand te hou as kitsverwysing wanneer webwerwe geëvalueer moet word.

[boontoe](#)

[huistoe](#)

carines@sacte.ac.za

Gemaak met *Note Pad* deur [carine](#) op 15 Desember 2000



"The four pillars of wisdom that support journalistic endeavors are: lies, stupidity, money-grubbing, and ethical irresponsibility."

- Marlon Brando

Tipes Webwerwe

Alexander en Tate ²¹ verdeel webbladsye in vier basiese kategorieë:

1. Informatiewe bladsye, insluitende onafhanklike en akademiese studies, verwysingsbronne en feitelike opsommings;
2. Nuus- en Joernalistieke bronne soos elektroniese joernale en aanlyn-tydskrifte en koerante;
3. Oortuigingsbladsye om bewustheid of siening van 'n sekere onderwerp te propageer; en
4. Persoonlike tuisbladsye, informele plekke waar skrywers onder andere hul resums plaas, skakels na hul gunsteling-webwerwe het en hul publikasies, prestasies en idees kan propageer.
5. Die Mansfield-biblioteek ²² voeg Bemerkingsbladsye as 'n vyfde tipe by.

boontoe

huis toe

1. Informatiewe Webwerwe

Hierdie webwerwe kan herken word aan 'n domeinnaam wat eindig met *.edu*, *.gov*, *.ac.za* of *.gov.za*. Dit word gewoonlik saamgestel deur die regering of onafhanklike persone of organisasies. Regeringswebwerwe soos dié van die Departement van Waterwese en Bosbou of die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie bevat onder andere kopieë van voorgestelde wetgewing en inligting oor projekte waarmee hulle besig is.

Regeringswebwerwe is soms partydig vir hul eie politieke siening en propaganda, maar oor die algemeen is dit van die betroubaarste inligting wat op die Web beskikbaar is.

Inligtingswebwerwe deur individue of organisasies soos die

Nasionale Botaniese Instituut is moeliker om te evalueer, maar gewoonlik ook betroubaar.

[boontoe](#)[huis toe](#)

2. Nuus- en Joernalistieke bronne

Inligting op 'n nuuswebwerf is, soos gedrukte of uitgesaaide nuus, net tydelik. Wat vandag nuus is, is môre geskiedenis. Dié tipe bronne moet dus nie sommer gebruik word as verwysing nie - dis dalk nie meer by dieselfde web-adres wanneer jy soontoe wil teruggaan nie, omdat dit moes plekmaak vir varser nuus.

Die domeinname van nuuswebwerwe eindig gewoonlik met *.com* of *.co.za*. News24 en WildnetAfrica se webwerwe is voorbeelde van nuusbronne.

[boontoe](#)[huis toe](#)

3. Oortuigingswebwerwe

Oortuigingswebwerwe soos Greenpeace of 'n vrou se reg tot aborsie word dikwels geborg deur nie-winsgewende organisasies. Onafhanklike aktiviste publiseer dikwels ook hul eie literatuur. Die tipe webwerwe kan gewoonlik herken word aan domeinname wat eindig met *.org* of *.org.za*.

Die Web is 'n koste-effektiewe plek vir politiese en sosiale advokate om die publiek te probeer oorhaal na hul sienings - hetsy oor homoseksualisme, aborsie, pelsjasse of evolusie. Hierdie tipe webwerwe moet gesien word as ideologiese advertensie-inligting (*infomercials*) eerder as opvoedkundige inligting. Die skrywers van hierdie tipe webwerwe is per definisie partydig. Die webwerf kritiseer maklik die hoofstroom, maar feite wat hul eie siening propageer, word nie so krities geëvalueer nie.

Oortuigingswerwe moet egter nie summier afgeskiet word net omdat dit bevooroordeeld is nie. Waardevolle inligting oor 'n spesifieke organisasie se sienings is hier beskikbaar. Deur die webwerwe van ondersteuners van beide kante van 'n saak te besoek, is dit dikwels moontlik om 'n volledige prentjie daaroor te vorm.

[boontoe](#)[huis toe](#)

4. Persoonlike Webwerwe

Die domeinname van persoonlike webwerwe (soos hierdie een) kan byna enige kode hê. Die gewildste is *.com*, *.co.za*, *.edu* en *.ac.za*. Adresse met *geocities* in die domeinnaam is moontlik ook persoonlik. 'n Tilde (~) in die adres dui op 'n persoonlike adres binne 'n groter maatskappy (gewoonlik op 'n akademiese werf).

'n Tuisbladsy of persoonlike webwerf is 'n persoonlike advertensie van 'n persoon. Dit bevat gewoonlik inligting soos sy kontakbesonderhede, publikasies, kwalifikasies, belangstellings en sienings.

boontoe huis toe

5. Bemarkingbladsye

Die domeinname van hierdie tipe webwerwe eindig gewoonlik met *.com* of *.co.za* en dit word hoofsaaklik gebruik om produkte te bemark. 'n Voorbeeld van so 'n webwerf is [hier](#) te sien.

boontoe huis toe


carines@sacte.ac.za

Gemaak met *Note Pad* deur carine op 1 Januarie 2001

| |
|------------------------|
| Huis toe |
| Opsomming |
| Indeks |
| Inleiding |
| • Eerste Indrukke |
| • Inhoud |
| • Ouderdom |
| • Oorsprong |
| • Doel/Gehoor |
| Gevallestudie |
| Gevolgtrekking |
| Webwerftipes |
| URL's |
| Skakels |
| Kitskriteria |
| Nuttige Wetenskapwerwe |
| Bronnelys |
| Woordelys |

"Facts are stubborn things; and whatever may be our wishes, our inclinations, or the dictates of our passions, they cannot alter the state of facts and evidence."

- John Adams



'n URL-gids

URL - die unieke adres van 'n webbladsy

Domeinnaam - die deel van 'n webadres tussen *http://* en die eerste / daarna

Die laaste deel van die domeinnaam kan 'n idee gee van die land en tipe organisasie waaraan dit behoort:

- .gov - 'n Regeringswebwerf in die VSA
- .mil - 'n Militêre webwerf in die VSA
- .us - 'n Regeringwebwerf in die VSA
- .edu - 'n Tersiêre akademiese instansie in die VSA
- .com - 'n Kommersiële instansie in die VSA
- .org - 'n Nie-winsgewende organisasie in die VSA
- .net - 'n Rekenaarnetwerk, gewoonlik Internet-verband, in die VSA
- .int - 'n Internasionale organisasie

- .ac.za - 'n Naskoolse akademiese instansie in Suid-Afrika
- .co.za - 'n Kommersiële instansie in Suid-Afrika
- .school.za - 'n Webwerf vir skole in Suid-Afrika
- .org.za - 'n Nie-winsgewende organisasie in Suid-Afrika
- .gov.za - 'n Regeringswebwerf in Suid-Afrika

'n Volledige lys met domeinname is by

www2.frd.ac.za/uninet/zadomains.html beskikbaar.

Die laaste twee letters van 'n domeinnaam verklap die naam van die land waar die naam geregistreer is:

- .za - Suid-Afrika
- .sz - Swaziland
- .sa - Saudi-Arabië
- .be - België
- .au - Australië
- .ca - Kanada
- .fr - Frankryk
- .jp - Japan
- .no - Noorweë

- .tv - Tuvalu

'n Volledige lys van lande se kodes is beskikbaar by <http://www.norid.no/domreg.html>, of by die amptelike webwerf-administrasiewebwerf: <http://www.iana.org/cctld/cctld-whois.htm>.

Die laaste deel van die domeinnaam is nie noodwendig 'n aanduiding waar die eienaar van die webwerf woon nie, maar eerder waar die webwerf geregistreer is. Alcatel Suid-Afrika se webwerf eindig byvoorbeeld met *.fr*. Sommige besighede registreer hul webwerwe doelbewus in die buiteland om eksotiese agtervoegsels soos *.tv* te kry.

Om die eienaar van 'n domeinnaam op te spoor, kan sy naam by 'n domeinregistrasieagentskap (*Domain Registry Agency*) gesoek word:

- Enige webwerf (vinnig en effektief - mits die Amerikaners nie wakker is nie): <http://www.allwhois.com/cgi-bin/allwhois4.cgi>
- *.com*, *.edu*, *.net*, of *.org*: www.networksolutions.com/cgi-bin/whois/whois
- *.com* of *.net*: www.internic.net/whois.html.
- *.gov*: <http://www.nic.gov/cgi-bin/whois>
- Europese webwerwe: <http://www.ripe.net/cgi-bin/whois>
- Webwerwe uit Afrika of Australië: <http://www.uninett.no/navn/domreg.html>
- *.com*, *.net* en *.org*: 'n "beter" *who-is* (dikwels nie beskikbaar nie): <http://www.betterwhois.com/>

TERUG na die skrywer van die webwerf.


TERUG na die domeinnaam van die webwerf.

boontoe

huis toe

carines@sacte.ac.za

Gemaak met *Note Pad* deur carine op 29 Desember 2000



"Once a newspaper touches a story, the facts are lost forever, even to the protagonists."

- Norman Mailer

Skakels en Boeke vir verdere leeswerk

Heelwat universiteite en openbare biblioteke het programme of inligtingswebwerwe oor die evaluasie van inligting. Hier is 'n paar skakels na sommige van die webwerwe toe:

- ['n Pretwerf](#)
- [Besprekings](#)
- [Oorsiglyste](#)
- [Skakels vanaf ander webwerwe](#)
- [Boeke](#)

'n Pretwerf

<http://www.quick.org.uk/menu.htm>

the Quality Information Checklist: 'n Pretwerf oor web-evaluering met 'n vraelys. Dit is ideaal om kinders (en hul ouers) te laat dink oor die gehalte van die inligting wat op webwerwe beskikbaar is. Daar is baie grafika en laai dus stadig af, maar is die wag werd.

[boontoe](#)

[huis toe](#)

Besprekings

<http://www.vanguard.edu/rharris/cvalu8it.htm>

Evaluating Internet Research Sources: Robert Harris van die Vanguard University van Suid-Carolina verduidelik die CARS-kriteria (Credibility, Accuracy, Reasonableness, Support).

<http://www.lib.berkeley.edu/TeachingLib/Guides/Evaluation.html>

Die Universiteit van Berkeley het 'n uitgebreide webwerf oor webgebruik. Hierdie webbladsy verskaf inligting oor evaluasie van web- en ander bronne van navorsing.

<http://hitiweb.mitstek.org/docs/criteria.html>

'n Studie oor die gehalte van gesondheidsinligting op die Internet. 'n Volledig bespreking en skakels na mediese webwerwe en ander evalueringwebwerwe

| |
|------------------------|
| Huis toe |
| Opsomming |
| Indeks |
| Inleiding |
| • Eerste Indrukke |
| • Inhoud |
| • Ouderdom |
| • Oorsprong |
| • Doel/Gehoor |
| Gevallestudie |
| Gevolgtrekking |
| Webwerftipes |
| URL's |
| Skakels |
| Kitskriteria |
| Nuttige Wetenskapwerwe |
| Bronnelys |
| Woordelys |

toe.

<http://www.ariadne.ac.uk/issue16/digital/>

The good, the bad and the useless: Evaluating Internet Resources : 'n Redelik uitgebreide bespreking deur Judith Edwards, University College of London.

<http://www.iso.gmu.edu/~montecin/web-eval-sites.htm>

Virginia Montecino bespreek vrae wat die geloofwaardigheid van 'n webwerf kan help bepaal.

<http://www.hopetillman.com/findqual.html>

'n Biblioteekbestuurder se idees oor hoe om kwaliteit-inligting te herken.

<http://www.webliminal.com/search/search-web12.html>

'n Bespreking oor die nodigheid en metodes van web-evaluering.

http://www.lib.duke.edu/libguide/evaluating_web.htm

'n Tutoriaal met voorbeelde.

boontoe

huis toe

Oorsiglyste en Vraelyste

<http://www.uwec.edu/Admin/Library/Guides/tencs.html>

Betsy Richmond van die McIntyre Biblioteek verskaf 10 C's om 'n webwerf te te meet.

<http://www.lib.umd.edu/guide/evalweb.htm>

'n Vraelys met voorbeelde van die Universiteit van Montana.

<http://bvsd.k12.co.us/david/evaluation.html>

'n Invulvorm met nuttige vrae.

<http://www.library.ucla.edu/libraries/college/help/critical/index.htm>

Thinking Critically about World Wide Web Resources : 'n Kort Vraelys van die UCLA College Biblioteek.

<http://aggie-horticulture.tamu.edu/syllabi/315/web/credibility.html>

Nog 'n kort oorsiglys, hierdie keer van die landboudepartement van die Texas A&M Universiteit.

Nog vraelyste:

http://www.swep.com/carcerrdev/products/053872191x/web_site_credibility.h

<http://www.albany.edu/library/internet/evaluate.html>

<http://www.ala.org/acrl/undwebev.html>

<http://titan.iwu.edu/%7Eiprest/itsess3.htm>

<http://luna.cas.usf.edu/~jfreder1/2002check.htm>

boontoe

huis toe

Meer skakels vanaf ander Webwerwe

<http://www.vuw.ac.nz/~agsmith/evaln/evaln.htm>

Skakels met beskrywings na ander web-evaluerings-webwerwe.

<http://www.indiana.edu/~librcsd/eval/review.html>

'n Evaluering van web-evalueringswerwe deur Emily Okada en Mary Popp va die Universiteit van Indiana se biblioteek.

boontoe

huis toe

Boeke oor web-evaluering

Web Wisdom: How to evaluate and Create Information Quality on the Web
Jan Alexander en Marsha A. Tate (1999) Lawrence Erlbaum Associates, Inc.

The Dynamics of Mass Communication
Joseph R. Dominick, 6th Edition. McGraw-Hill, 1998. ISBN 0-07-017996-4.

The Information Searcher's Guide to Searching and Researching on the Inter and World Wide Web
Ernest Ackermann & Karen Hartman 2nd edition, 2001. ISBN 1-887902-58-9


Searching and Researching the Internet & WWW Ernest Ackermann & Karen Hartman. 2nd edition, 2000. Franklin Beedle & Assoc; ISBN: 1887902562

boontoe

huis toe

carines@sacte.

Gemaak met *Note Pad* deur carine op 29 Desember 2000



"The First Law of Journalism: to confirm existing prejudice, rather than contradict it."

- Alexander Cockburn

| |
|------------------------|
| Huis toe |
| Opsomming |
| Indeks |
| Inleiding |
| • Eerste Indrukke |
| • Inhoud |
| • Ouderdom |
| • Oorsprong |
| • Doel/Gehoor |
| Gevalllestudie |
| Gevolgtrekking |
| Webwerftipes |
| URL's |
| Skakels |
| Kitskriteria |
| Nuttige Wetenskapwerwe |
| Bronnelys |
| Woordelys |


Gehaltebeheer-kriteria vir kits-verwysing

| | | |
|------------------------|--|--|
| Eerste Indrukke | <p>Is die Uitleg professioneel?</p> <p>Pas die skryfstyl by die tipe inligting?</p> <p>Laai die dokument vinnig?</p> | <p>Is die werf Gebruikersvriendelik?</p> <p>Is die dokument taalversorg?</p> <p>Is die webwerf altyd beskikbaar?</p> |
| Inhoud | <p>Is die logika logies?</p> <p>Ondersteun ander bronne die inligting?</p> <p>Is die inligting akkuraat?</p> | <p>Is die skrywer objektief?</p> <p>... en volledig?</p> |
| Ouderdom | <p>Wanneer is die webblad gepubliseer?</p> <p>Bestaan die inligting nog?</p> | <p>Is dit vol gebreekte skakels?</p> |
| Oorsprong | <p>Wie is die skrywer?</p> <p>Wat het ander oor die webwerf te sê?</p> | <p>Wie is die uitgewer of instansie?</p> |
| Doel / Gehoor | <p>Wie is die teikengehoor?</p> <p>Wat is die webwerfeienaar se doel?</p> | <p>Wat soek die gebruiker op die webwerf?</p> |

boontoe huis toe

"There's a green one and a pink one
And a blue one and a yellow one
And they're all made out of ticky-tacky
And they all look just the same. "

- Malvina Reynolds



Raampies

Om van hierdie bladsy af na die vorige (raampielose) bladsy toe terug te gaan, gebruik die *BACK*-knoppie van die web-deurblaaier. **Enige van die skakels binne hierdie venster sal die nuwe bladsy binne-in hierdie venster oopmaak.** Hierdie raampie sal nie verdwyn voor die venster wat die raampies geroep het, nie toegemaak word nie. Deur op enige skakel in die raam aan die linkerkant (die kieslys) te kliek, word die nuwe bladsy in die beperkte linkerdeel van die skerm oopgemaak. Die linkervenster kan groter gemaak word deur met die muis op die raamverdeler (die vertikale streep tussen hierdie, en die linkervenster) te kliek en dit groter te trek.

'n Gewilde gebruik van rame is vir kieslyste. As die gebruiker die regterraampie (hierdie een) afrol, bly die kiesopsies aan die linkerkant van die skerm (in 'n ander raam) net daar. Dit beweeg dus nie van die skerm af soos die ander kieslyste van hierdie webwerf nie. Selfs al kliek die gebruiker op 'n skakel soos [hierdie een](#), bly die kieslys nog aan die linkerkant van die skerm.

Dit lyk baie mooi, maar ouer webblaaiers kan raampies glad nie lees nie.

As 'n gebruiker die dokument sou wou druk, sou net die inhoud van dié raampie wat op die oomblik aktief is, gedruk word. Dit sou baie gerieflik wees as die webgebruiker net 'n drukstuk van die teks (sonder die kieslyste) wou hê. As die venster met die kieslyste egter aktief is, sou net die kieslys druk. 'n Onervare webgebruiker kan moedeloos word omdat die bladsy nie druk soos verwag word nie.

As skakels in hierdie raam gekliek sou word en die gebruiker wil die nuwe werf boekmerk, word die oorspronklike raampies geboekmerk en nie die bladsy waarheen die gebruiker gekliek het nie. Probeer dit deur [hier](#) te kliek, en die nuwe werf te probeer boekmerk en later op te roep.

In *Internet Explorer* en in *Netscape Navigator* kan *Control-F* gedruk word om 'n spesifieke stuk teks op 'n webbladsy te soek.


Control-] en *Control-[* maak die teks groter en kleiner. As hierdie bladsy dus nog nie genoeg teks in het om te moet afrol nie (sodat die stilstaande kieslys links gedemonstreer kan word), kan die teks met *Control-]* vergroot word.

boontoe

huis toe

carines@sacte.ac.za

Gemaak met *Note Pad* deur [carine](#) op 29 Desember 2000



"The mark of a well educated person is not necessarily in knowing all the answers, but in knowing where to find them."

Douglas Everett

Huis toe

Opsomming

Indeks

Inleiding

• Eerste Indrukke

• Inhoud

• Ouderdom

• Oorsprong

• Doel/Gehoor

Gevallestudie

Gevolgtrekking

Webwerftipes

URL's

Skakels

Kitskriteria

Nuttige
Verwysingswerwe

Bronnelys

Woordelys

'n Paar betroubare Webwerwe

Oor Wetenskapjoernalistiek:

<http://www.eurekaalert.com/>

Eurekaalert, die webwerf van die *American Association for the Advancement of Science*

<http://www.copydesk.org/sciencenews.htm>

Aanbevelings vanaf *Copydesk*

<http://www.copydesk.org/science.htm>

Notas vanuit *Copydesk* se wetenskaplaboratorium

<http://www.mit.edu/afs/athena/org/k/knight-science/resources.html>

Skakels vanaf die *Knight Science Journalism Fellowship* se webbladsy

<http://home.about.com/science/chat.htm>

'n Versameling geselskamers oor verskillende onderwerpe

Indekse, Biblioteke en Versamelings:

<http://www.ipl.org/ref/RR/static/sci00.00.00.html> (The Internet Public Library)

<http://infomine.ucr.edu/Main.html>

<http://home.about.com/science/>

<http://britannica.com/brit/0,8532,158,00.html>

<http://sunsite.berkeley.edu/KidsClick!/>

Tydskrifte:

<http://www.nationalgeographic.com/>

<http://www.economist.com/science/index.cfm>

<http://www.newscientist.com/dailynews/> (Daaglikse nuus)

<http://www.newscientist.com/> (Tuisbladsy)

<http://www.bmj.com/> (British Medical Journal)

<http://www.sciencedaily.com/>

<http://unisci.com/> (Daily University Science News)

<http://dsc.discovery.com/>
<http://www.sciencemag.org>

Ruimte-webwerwe:

<http://www.space.com/>
<http://www.spacedaily.com>
<http://www.nasa.gov/>

Soekenjins:


<http://www.google.com>
<http://www.altavista.com>
<http://hotbot.lycos.com/>
http://www.webbrain.com/open_IE.htm
<http://www.findspot.com/>
<http://www.searchenginewatch.com/links/>

boontoe

huis toe

carines@sacte.ac.za

Gemaak met *Note Pad* deur [carine](#) op 16 Februarie 2001



"Knowledge is of two kinds. We know a subject ourselves, or we know where we can get information upon it."

- Samuel Johnson

Bronnelys

1. Westly MacLean *Model of Mass Communication*. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://jac.sbs.ohio-state.edu/ebookfall99/e-book/media/wmmodel.htm>
2. Pinkham, J. 1998. Study Guide for use with *Dominick, J. The Dynamics of Mass Communications, 6th Edition*. McGraw-Hill, 1998. College of Lake County. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.clc.cc.il.us/home/com425/TextStudyGuide.htm>
3. Burbules, N C and Callister, T A (Jr). 2000. *Who Lives Here? Access to an Credibility Within Cyberspace*. Queensland University of Technology. [Aanlyn] Beskikbaar: http://faculty.ed.uiuc.edu/burbules/ncb/papers/who_lives_here.html
4. Colley, A. 1999. *Computer Assisted Journalism*. Freepint. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.freepint.co.uk/issues/210199.htm#feature>
5. Rice, J C. 1998. *How to Evaluate the Credibility of Web Sites: A Workshop*. Brigham Young University [Aanlyn] Beskikbaar: http://www.byu.edu/ipt/workshops/eval_credibility.html
6. Global Reach. 2000. *Global Internet Statistics* [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.glreach.com/globstats/index.php3>
7. Die Burger, 11 November 2000. [Aanlyn] Beskikbaar: http://www.news24.co.za/Die_Burger/Boekewereld/0,1785,4-994_943469,00.html
8. Branham, C. 1997. *A Student's Guide to Research with the WWW*. Saint Louis University. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.slu.edu/departments/english/research/page02.html>
9. Cooke, A. 1999. *A Guide to finding Quality information on the Internet: Selection and Evaluation strategies*. Library Association Publishing, London. Bladsy 54.
10. Everhart, N. 1997. *Web Page Evaluation Worksheet*. St. John's

| |
|------------------------|
| Huis toe |
| Opsomming |
| Indeks |
| Inleiding |
| • Eerste Indrukke |
| • Inhoud |
| • Ouderdom |
| • Oorsprong |
| • Doel/Gehoor |
| Gevallestudie |
| Gevolgtrekking |
| Webwerftipes |
| URL's |
| Skakels |
| Kitskriteria |
| Nuttige Wetenskapwerwe |
| Bronnelys |
| Woordelys |

University. [Aanlyn] Beskikbaar:

<http://www.duke.edu/~dc1/evaluate.html>

11. Kim, N. 1999. *World Wide Web Credibility: What effect do advertisements and typos have on the credibility of web page information?*

Stanford University. [Aanlyn] Beskikbaar:

<http://www.stanford.edu/~ninakim/projects/thesis/wholethesis.html>

12. Branham, C. 1997. *Evaluating Web Pages for Accuracy* Saint Louis University [Aanlyn] Beskikbaar:

<http://www.slu.edu/departments/english/m.044/115.Rippen.F.etal.1999.Criti>

13. Cooke, A. 1999. *A Guide to finding Quality information on the Internet: Selection and Evaluation strategies*. Library Association Publishing, London. Bladsy 60

14. Cooke, A. 1999. *A Guide to finding Quality information on the Internet: Selection and Evaluation strategies*. Library Association Publishing, London. Bladsy 65

16. Kirk, E. 2000. *Evaluating Information Found on the World Wide Web* *Information on the Internet* Health Information Technology Institute AND Agency for Health Care Policy and Research. Bladsy 11. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://hitiweb.mitretrek.org/docs/criteria.html>

[Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.webliminal.com/search/search-web12.html>

17. Cooke, A. 1999. *A Guide to finding Quality information on the Internet: Selection and Evaluation strategies*. Library Association Publishing, London. Bladsy 58

18. lookoff.com 2000. *Internet Search Engine Help & Tutorials*

Lookoff.com, Hoofstuk 2.5. [Aanlyn] Beskikbaar:

http://www.lookoff.com/tactics/intro_info.php3

19. Pinkham, J. 1998. Study Guide for use with *Dominick, J. The Dynamics of Mass Communications, 6th Edition*. McGraw-Hill, 1998.

College of Lake County. [Aanlyn] Beskikbaar:

<http://www.clc.cc.il.us/home/com425/TextStudyGuide.htm>

20. Henderson, J. 2000. *ICYouSee: T is for Thinking: The ICYOUSSEE Guide to Critical Thinking About What You See on the Web*. Ithaca

College Library. [Aanlyn] Beskikbaar:

<http://www.ithaca.edu/library/Training/hott.html>

21. Alexander, J en Tate, M A. 2000. *Evaluating Web Resources*
Wolfgram Memorial Library. [Aanlyn] Beskikbaar:
<http://www2.widener.edu/Wolfgram-Memorial-Library/webevaluation/webeval.htm> of by
<http://www.science.widener.edu/~withers/webeval.htm>


22. Granath, K. 2000. *Evaluating Web Pages* Mansfield Library. [Aanlyn]
Beskikbaar: <http://www.lib.umt.edu/guide/evalweb.htm>

boontoe

huis toe

carines@sacte.ac.za

Gemaak met *Note Pad* deur carine op 29 Desember 2000



"No man means all he says, and yet very few say all they mean, for words are slippery and thought is viscous."

- Henry B. Adams

Woordelys

Huis toe

Opsomming

Indeks

Inleiding

• Eerste Indrukke

• Inhoud

• Ouderdom

• Oorsprong

• Doel/Gehoor

Gevallestudie

Gevolgtrekking

Webwerftipes

URL's

Skakels

Kitskriteria

Nuttige Wetenskapwerwe

Bronnelys

Woordelys

aflaai - *download*

Om iets van 'n ander rekenaar af op jou eie masjien te laai. Dit gebeur elke keer wanneer jy op die Wêreldwye Web op 'n skakel klik en 'n dokument verskyn op jou skerm.

bediener - *server*

'n Rekenaar op 'n netwerk wat dienste (soos programmatuur of webbladsye) aan ander rekenaars beskikbaar stel.

deurblaai - *browser*

'n Program waarmee (onder andere) webbladsye gelees word. Die bekendste voorbeelde in Suid-Afrika is *Netscape Navigator* en *Internet Explorer*.

domeinnaam - *Domain Name*

Die eerste deel van 'n webadres wat die masjien (rekenaar) spesifiseer waarop die webbladsye gelaai is. Die deel van die URL tussen die *http://* en die eerste volgende */*.

duimnaelgrafika - *thumbnail images*

'n Miniatuur-weergawe van grafika wat op 'n webwerf beskikbaar is. Dit laat die gebruiker toe om te kies watter prentjies die rekenaar moet aflaa.

e-pos - *e-mail*

Elektroniese pos. Programmatuur wat boodskappe tussen rekenaars via die Internet rondstuur.

FTP Lêeroordragprotokol - *File Transfer Protocol*

'n Fasiliteit waarmee dokumente van een rekenaar af na 'n ander gekopieer word oor die Internet.

gasheer - *host*

'n Rekenaar wat jou toelaat om van sy fasiliteite gebruik te maak.

geselskamer - *chat room*

'n Webwerf waar verskillende mense intyds (*real-time* met mekaar kan gesels deur hul kommentaar op die webblad te publiseer vir almal om te lees.

hiperteks - *hypertext*

Teks wat terselfdertyd 'n skakel is na ander plekke op dieselfde webbladsy, of na ander webbladsye toe.

HTML Hiperteksmarkeertaal - *Hypertext Markup Language*

Die taal of kodes wat gebruik word om 'n dokument vir die Web voor te berei.

HTTP Hiperteksoordragprotokol - *Hypertext Transfer Protocol*

'n Standaard waarmee web-dokumente van een rekenaar af (die gasheer) na 'n ander (die kliënt) afgelaai word.

ikoon - *icon*

Klein prentjies wat 'n skakel of opdrag voorstel.

Internet - *Internet*

'n Wêreldwye rekenaarnetwerk.

inpropprogram - *plug-in*

Sagteware wat funksionaliteit by ander programme byvoeg.

IRC Internetaflosklets - *Internet Relay Chat*

Om op die Internet met ander Internetgebruikers te gesels deur boodskappe op 'n gemeenskaplike webwerf te pos.

Java - *Java*

'n Programmeertaal wat die webontwerper toelaat om programme te skryf vir web-dokumente.

Java teks - *Java script*

'n Semi-programmeertaal wat die webontwerper toelaat om toepassings te skryf vir web-dokumente.

kletskamer - *chat room*

sien geselskamer

kliënt - *client*

'n Rekenaar wat van 'n ander rekenaar (die bediener) se dienste gebruik maak.

koekies - *cookies*

'n Inskrywing wat deur 'n webbladsy (of die bediener-rekenaar) op die kliënt-rekenaar gemaak word om die kliënt se voorkeure te dokumenteer.

miniprogram - *applet*

'n Klein toepassingsprogrammetjie in Java.

netwerkadministrateur - *network administrator*

Die persoon verantwoordelik vir 'n netwerk.

omval - *crash*

Die term wat gebruik word wanneer rekenaars skielik ophou werk.

poslys - *mailing list*

'n E-pos-groep van mense met dieselfde belangstelling. Elke persoon se bydrae word aan die hele poslys gestuur.

programmatuur-pleister - *program fix or program patch*

Klein verstelinkies aan programmatuur.

raampie - *frame*

'n Deel van die rekenaarskerm met die inhoud.

teller - *counter*

'n Teller op 'n webbladsy om te tel hoeveel keer die webbladsy besoek is.

tuisblad - *home page*

Die eerste bladsy van 'n webwerf, of 'n bladsy waar iemand sy persoonlike inligting en stokperdjies publiseer, of die eerste bladsy wat oopmaak nadat jy jou webblaaiër geaktiveer het.

URL Bronadres - *Uniform Resource Locator*

Die unieke adres van 'n webdokument.

wagwoord - *password*

'n Kode wat toegang tot inligting of webwerwe verskaf.

webmeester - *webmaster*

Die persoon verantwoordelik vir 'n webwerf.

webbladsy - *web page*

'n Bladsy met 'n unieke URL.

Webwerf - *website*

'n Versameling webbladsye oor dieselfde onderwerp of deur dieselfde persoon of instelling.

Wêreldwye Web - *World Wide Web*

Die deel van die Internet waar webbladsye gepubliseer word.

'n Volledige woordelys is beskikbaar by die [Stigting vir Afrikaans](#).

boontoe

huis toe

carines@sacte.ac.za

Gemaak met *Note Pad* deur [carine](#) op 29 Desember 2000

Huis toe

Opsomming

Indeks

Inleiding

• Eerste
Indrukke

• Inhoud

• Oudedom

• Oorsprong

• Doel/Gehoor

Gevallestudie

Gevolgtrekking

Webwerftipes

URL's

Skakels

Kitskriteria

Nuttige
Wetenskapwerwe

Tekortkominge

Bronnelys

Woordelys

"Of all the people expressing their mental vacuity, none has a better excuse for an empty head than the newspaperman: If he pauses to restock his brain, he invites onrushing deadlines to trample him flat. Broadcasting the contents of empty minds is what most of us do most of the time, and nobody more relentlessly than I."

- Russell Baker



Goeters wat nog gedoen moes word


Al die goeters wat ek nog wou doen as ek meer tyd gehad het, of as die kar my nie omgery het nie:

1. Die hoofstuk oor eerste indrukke is eintlik nie so belangrik nie en moet ge'downplay' word.
2. 'n HTML-dokument, soos enige program, kan net ordentlik ontfout word as genoeg mense die skakels getoets het. Dis waarom die hoeveelheid keer wat 'n webwerf besoek word, help om die kwaliteit van die webwerf te bevestig: meer gebruikers is meer toetsers, en meer toetsers beteken minder foute.
3. Die lêer met die gevallestudie is heeltemal te groot. Dit laai baie stadig en moet opgebreek word in kleiner eenhede.
4. Die werf sou meer gebruikersvriendelik wees as daar 'n skakel van elke vreemde woord, waar dit gebruik word, na die verduideliking in die woordelys was.
5. As daar tyd is, moet al die dokumente wat na skakels buite hierdie webwerf verwys, as aparte nuwe vensters oopmaak (in plaas van bo-oor die ou weblees-venster). Dit sal navigasie makliker maak.
6. Opsommings van elke paragraaf moet in die lêer sybalkie ('side-bar') aan die linkerkant van die skerm kom. As alternatief kan die kieslys wat bo-aan elke lêer verskyn, herhaal word.
7. Die kant-kieslys het nie 'n verwysing na HIERDIE dokument nie - is dit nodig? 'n Verwysing na die Engelse opsomming ('abstract') is ook afwesig.
8. Oral waar verwys word na 'oorsprong' moet dit vervang word met 'bron' - alle kieslyste en opskrifte van hoofstukke.

huis toe

boontoe

carines@sacte.ac.za

| | |
|-------------------------------|---|
| Huis toe | <p><i>"Nitwit! Blubber! Oddment! Tweak!"</i></p> <p>- J. K. Rowling (uit 'Harry Potter and the Philosopher's Stone')</p>  |
| Opsomming | |
| Indeks | |
| Inleiding | |
| • Eerste Indrukke | |
| • Inhoud | |
| • Ouderdom | |
| • Oorsprong | |
| • Doel/Gehoor | |
| Gevallestudie | |
| Gevolgtrekking | |
| Webwerftipes | |
| URL's | |
| Skakels | |
| Kitskriteria | |
| Nuttige Wetenskapwerwe | |
| Bronnelys | |
| Woordelys | |
| | <hr/> <p>carine stemmet</p> <hr/> <p>B.Sc (Wiskunde, Geografie) Stellenbosch 1990 H.O.D. Stellenbosch 1991 V.D.O. (Rekenaarwetenskap) Stellenbosch 1995 M. Phil Joernalistiek (huidig) Stellenbosch Programmeerder: Suid-Afrikaanse Kollege vir Onderwyseropleiding (SACTE)</p> <p>Carine Stemmet Posbus 2120 Groenkloof 0027 TEL +27 12 4228041 e-pos: carines@sacte.ac.za</p> <p>huis toe boontoe</p> <p>carines@sacte.ac.za</p> |